

twee heeltemal verskillende entiteite is, nie noodwendig juis is nie; die v.dw. gelaten is moontlik vir die Ndl. taalgebruiker ge- plus 'n ongemarkeerde vorm laten wat as inf. en pres., mv. dien: die verandering gekregen ➔ gekrygen sou dan bloot 'n herindeling by die gelaten-groep in die leksikon kan beteken. Op hierdie probleem word nie verder ingegaan nie.

'n Kleinere probleem wat aangestip word, is die vraag of gekry via gekryge of via gekree uit gekreege ontwikkel het¹⁰; dit kom hieronder aan die orde.

Smuts maak hoofsaaklik opmerkings oor die datering van verskillende prosesse; sommige van hulle word hier kortliks aangehaal. By die skrywers wie se tekste hy ontleed het, vind hy "veral van betekenis ... die gebruik van uitganglose vorme met gewysigde vokaal, wat daarop dui dat hulle wel nog gevoel vir die klinkerwisseling besit het"¹¹ en weer dat "die gevoel vir die klinkerwisseling by die sterk imperfektum en verl. dw. ... tot in die 19e eeu lewendig gebly (het)"; hy vind ook dat "die uitgang -e by die infinitief en sterk verl. dw. ... eers in die 19de eeu by die meeste ww. verdwyn (het)"¹².

Die indeling van hierdie hoofstuk is soos volg: na enkele opmerkings oor die voorvoegsel ge- (par. 3.2), gaan ek oor na die stam (par. 3.3), en kyk daar eerstens na 'n aantal gevalle en verskynsels wat nie elders sistematies ter sprake kom nie en tweedens na moontlike verskille in konserwatisme in die skryfvorm tussen die v.dw. en pv./inf. wat nie noodwendig die toestand in die gesproke taal hoef te weerspieël nie. Die volgende par. (3.4) handel oor die uitgang; om 'n geheelbeeld te kry word ook die pv. en inf. hierby betrek. Nadat die moontlikheid van morfologies gekondisioneerde klankverandering bespreek is, word nagegaan hoe Scholtz slot-/ə/-verlies by die ww. dateer en verder - aan die hand van die metode wat in die vorige hoofstuk uiteengesit is, en met verwysing na dieselfde tekskomplekse - hoe slot-/ə/-verlies statisties daar uitsien by die verskillende tipes ww. en hoe die gegewens geïnterpreteer kan word. Die probleem van die

tussenstadiums kom veral in par. 3.5 ter sprake (waar ge-
kyk word na die verhouding stam/uitgang), terwyl in 3.6
gekyk word na die volledige gelykskakeling van die v.dw.
(sonder ge-) met die pv., eers t.o.v. afsonderlike wwe.
en dan t.o.v. individuele skrywers. Algemene bevindings
word in par. 3.7 bespreek, gevolg deur par. 3.8 waarin
slot-/ø/-verlies met slot-/t/-verlies uit die vorige
hoofstuk vergelyk word en 'n teoretiese beskouing wat 'n
paar bevindings saamvat en heenwys na volgende hoofstukke.

3.2 GE-

Hier kan net op enkele gevalle gewys word. Die "Joernaal
van Maartijn" het (uijt-) ge(e)ven (4x), waarskynlik
v.dwe., nêrens gegeven¹³. Geven tref ons in 1752 3x by Van
Oldenburg as v.dw. aan¹⁴ en uyt geeven in die Kasboek van
Johanna Duminy¹⁵. Ons vind hierdie vorm, as geefen, in
1812 by Opperman¹⁶; dit is vlg. Van Oordt gewestelike
Ndl. In dieselfde jaar het ook Van der Walt geeven as
v.dw.¹⁷.

Toevoeging van ge- het ons in gevoertreden, by die
Franssprekendes¹⁸. Volgens Changuion hoor 'n mens onder
die Kapenaars "geverloren, gebedankt enz., om van gevloord
in plaats van verloren, dat zich tot de minst geoeffende
klasse van sprekers bepaalt, niet eens te reppen"¹⁹.

3.3 STAM

In sub.-par. 3.3.1 word gekyk na 'n aantal gevalle met
verandering in die stamkonsonantisme of 'n onreëlmatige
verhouding tussen die pv./inf. en die v.dw.; in 3.3.2
word die relatiewe (veral skryftaal-) konserwatisme van
pv./inf. en v.dw. nagegaan.

3.3.1 Afsonderlike gevalle

Die v.dwe. wat hieronder ter sprake kom, is gekom, gedoen,
geskryf, die tipe gelaai, verloor, geëet en die tipe

gekry. Aspekte van hulle ontwikkeling word nagegaan of bloot enkele gegewens verstrek, na gelang van die vorme wat in ons tekste aangetref word.

gekom: Komen is die enigste Ndl. ww. - naas zijn - met 'n verskil in klinkerlengte tussen die pv., ekv., pres, enersyds, en die pv., mv., pres./inf./v.dw., andersyds. Afr. gekom kan analogies uit die pv., ekv. verklaar word: ge + kum. Dit is egter opvallend hoe dikwels ons kommen as inf. en gekommen as v.dw. aantref, sodat Afr. gekom nie noodwendig regstreeks in die plek van Ndl. gekomen kom nie: die vorm gekommen - of ge + inf. kommen - het moontlik ook 'n rol gespeel. Ons tref in Mnl. comen naas comen aan²⁰, gecome in 'n brief van Huygens se suster Constance²¹, en ons vind die kort vokaal in later Ndl.²². Uiteraard kon die Duitse vorm van die v.dw., gekommen, ook 'n bydrae gelewer het.

Gekommen kom in die 18e eeu sporadies voor, veral, maar nie uitsluitlik nie, by Franssprekendes en in geskrifte wat Duitse invloed verraa. Gekommen (1x), gekomme (2x) vind ons in 1710 in 'n eis en verklaring van J. le Roux²³, gekommen in 1713 by H. Grutter²⁴, driemaal deur Pfeiffer genoteer by Franssprekendes²⁵, in 1768 (1x) by P. Besuijdenhout²⁶, in 1770 in 'n verklaring van J. Laas, naas die ww.-groepe heeft kone (sic) komen en heeft konne kommen, wat suggereer dat die stamklinker van die infe. vir die skrywer van gelyke lengte is, dus waarskynlik kort²⁷. Die v.dw. gekommen verskyn ook in 'n persoonlike brief, wat 'n bietjie Duitse invloed verraa, van E. Wentzel in 1777, naas die infe. kommen en koomen²⁸, en in 'n verklaring uit 1779²⁹.

Die inf. kommen kom benewens die reeds genoemde gevalle nog by talle ander 18e-eeuse skrywers voor; aangesien dit goed moontlik is dat kommen-sprekers ook gekommen as v.dw. kon hê, word die vindplase van kommen kortliks aangestip. Pfeiffer vind by die Franssprekendes angkommen (1x)³⁰. In die KA en KT vind ek: in die brief van 1749 van die 16-jarige H.A. Möller uit Holland:

kommen naas meermale koomen³¹, in die "Joernaal van Maartijn", 1752-65, die inf. koom (2x) en com (4x)³²; in twee verklaringe van E. Mostert uit 1765 die inf. komme naas koome en die v.dw. geko(o)me(n) (3x)³³; by J.H. Pfijs in 1763 die inf. omkommen³⁴; in die getuienis van Catrina Pienaar, 1772, die inf. komme (2x) naas die v.dw. gekome (2x)³⁵; by P. Swart (brief, 1776) die inf. kommen³⁶; by sekr. M. Blankstein in 1777 (hiperkorrekt?) "zoo dra als ik op Swellendam koom"³⁷; in 1779 in 'n brief van Botma komme as inf. en pv.³⁸; in 'n briefie van Anna Loots, 1780, die inf. kommen (4x)³⁹; in 'n brief van I. Slabber, 1780, as inf. komme (1x) en kome (2x)⁴⁰ en weer komme as inf. in 1788 by Du Toit⁴¹.

Verdere voorbeelde van gekomme(n) vind ons in 1828 by De Lima⁴² en in 1860 in De Kock se "Tooneelen uit het Politie Hof", waar dit in 'n versie rym met blommen⁴³.

-Gekom, in sy Afr. vorm, vind ons in 1812 in 'n briefie van S. Cilje⁴⁴; by "Verdrukte Grikwa" in 1830 (2x) (naas 'n hiperkorrekte pv. opkoom)⁴⁵, in 'n ander koerantbrief van 1830⁴⁶, by A. Josef, 1839⁴⁷, by Platje Wysneus, 1845-6 (4x)⁴⁸, in 'n samespraak van 1846⁴⁹, in 'n ander een van 1850 (2x)⁵⁰, in 'n brief van 1854 (2x)⁵¹, in 'n brief van "A. van ***", 1854⁵², in 'n brief van 1858⁵³, ens.

gedoen: Gedaan, in suiwer werkwoordelike funksie, word eers relatief laat deur gedoen verdring⁵⁴. 'n Hiperkorrekte gedaane naas gedaan vind ons by Van Eeden in 1770⁵⁵. In die briewe van Platje Wysneus, 1856-6, waar die meeste vokaalwisselings reeds opgehef is, vind ons gedoen (3x) naas gedaan, en nogal eenmaal in 'n konteks waarin vandag nog gedaan moontlik is: "Zo gezeg zo gedoen"⁵⁶. By Boniface, Meurant en Bezuidenhout is gedaan nog volop. Kedaan is by Albach die enigste v.dw. wat vokaalwisseling behou⁵⁷. Gedoen vind ons weer (naas gedaan, asook gekom, geschiet, ens.) in 'n samespraak van 1850⁵⁸. Selfs in De Kock se "Tooneelen ...", 1859-60, met sy baie gelyk-geskakelde vorme, vind ons naas driemaal gedaan, nog net eenmaal gedoen⁵⁹.

geskryf: Joubert het in die eerste helfte van die 19e eeu geschree vir geschreven⁶⁰. Geskry kom 2x voor in 'n koerantbrief uit 1870⁶¹. Hiernaas vind ons in 'n koerantbrief van 1831⁶² die inf. schry naas schryve. Die brief is vlg. Scholtz deur 'n Hollander geskryf; hy meen dat schry 'n hiperkorrekte vorm is⁶³. 'n Vorm soos (ge-)skry sou egter deur Blau beskryf word as "over-self-assertion"⁶⁴ - meer Afr. as wat Afr. self is, in ons konteks. 'n Inf. skrye kom ons weer in 1850 teë in 'n koerantbrief van "Grietje van Pas" (Meurant?)⁶⁵. In 'n 1880-lesing van 'n Hollander, H. Stiemens, oor "Oude tijden in Natal en Transvaal", vind ons moeschrij⁶⁶, met onafrikaanse apokopee by moet in hierdie konteks. Ook Zwaartman het aanschrij⁶⁷. Hierdie gegewe. krops om aan te toon dat daar by skryf selfs 'n was om die weg van bly te gaan.

'n Mens kan verwag dat die woord skryf en sy vorme juis in briewe sal voorkom en gepaard daarmee miskien ook 'n sekere bewustheid in verband met die woord. Waar ons dan by Meurant geschreeuwe⁶⁸, met sch, aantref, naas geskrywe en geskreve⁶⁹, is dit m.i. moontlik dat ons met 'n spottende oordrywing van die Ndl. uitspraak⁷⁰ te make het. In 'n koerantbrief van 29 Okt. 1844⁷¹ (van Meurant?) vind ons hierdie vorm tweemaal naas -gege(e)ve (3x), sonder 'n soortgelyke oordrywing. 'n Brief van 22 Okt. 1844 open met die woorde: "Ik is nie geleerd nie, maar ik zal meer beter geschreeuwe hebbe, als myn buerman ...", waarvan Nienaber wil aflei dat die briefskrywer juis daarna streef om Afr. te skryf⁷². Verdere aanduidings van hiperkorreksie by hierdie ww. is geschreeft (22x) naas geschreven (18x) by die Franssprekendes⁷³ en die inf. schreeven in 'n brief uit 1746, geskryf deur 'n seeman⁷⁴.


gebraai, ens.: Die "vokalisering van die d van die stam" tref Smuts by Trigardt in twee v.dwe. aan, t.w. gelaaijd, gebraaijd (asook die vorme raijen en reden), en by Joubert in geraaijt⁷⁵. Potgieter het in 1827 die imp. braijde⁷⁶; Boniface se Hendrik Kok in 1830 versmaaid⁷⁷;

'n koerantbrief van 1830 die inf. raaye (= Eng. guess)⁷⁸ en een van 1845 afgeraai⁷⁹. 'n Samespraak van 1849 het (aan te) raaye, naas die byvoeglik gebruikte geraay⁸⁰ en een van 1849 verraaye⁸¹. 'n 1850-brief van Meurant het naasmekaar die v.d.w. verraay, die inf. verraaye en die s.nwe. verraayer, verraayery⁸².

verloor: Oberholster gebruik volgens Smuts "3 maal verlies as verl. dw., nooit verloren nie, wat daarop dui dat verloor al die presensvorm geword het"; Trigardt het as v.d.w. verloren (2x), verloord (1x) en verlies (2x)⁸³. P.L. Uys het in 1837 as pv. (pres.) in dieselfde sin ferlies en ferloor⁸⁴. Joh. Duminy het in 1797 die imp. verloorde⁸⁵.

geëet: Die vorm (op) ge eeten by R. Swanepoel in 1779⁸⁶ is vir Scholtz "n aanduiding dat die oorspronklike vorm ... onafgebroke aan die Kaap bly voortbestaan het"⁸⁷. In 1784 vind ons ge eeten in die KA⁸⁸ en in 1808 op ge eeten in die KT⁸⁹. Changuion waarsku teen "het plat Kaapsch geëten of liever geëet"⁹⁰.

gekry, ens.: Afr. gekry is vlg. Scholtz (ek nommer die moontlikhede en stel dit skematies voor) òf (a) "direk gevorm by kry(e) na die voorbeeld van gehoop by hoop o.d.", òf (b) het op een van die volgende wyses ontwikkel:




Op grond van die beskikbare gegewens wil ek 'n keuse probeer maak nie tussen (a) en (b) as ontwikkelingsgang nie - albei bly nog steeds moontlik - maar tussen (b)(i) en (b)(ii). Dit is opvallend dat van die twee deurslaggewende vorme, t.w. gekryge en gekreeë, ons heelwat vorme van die tipe gekryge (d.w.s. met gelykgeskakelde vokaal,

intervokaliese /x/ en uitgang) vind, maar net eenmaal 'n vorm wat miskien soos gekreë uitgespreek kon gewees het, t.w. gekreë in Boniface se De nieuwe Ridderorde ... Die tipe gekryge (gespel gekrijgen, gekreijgen, gekreyge, ens.) kom ons teë by die Franssprekendes (3x)⁹¹, in 'n KA-dokument van 1730⁹², in KT no. 202 van 1810, no. 259 van 1817 (3x) en no. 286 van 1831, by "Verdrukte Grikwa" in 1830⁹³, 'n ander koerantbrief van 1831 (4x)⁹⁴ en nog een van 1849⁹⁵. Op grond van dié gegewens sou ons moet aanneem dat die ontwikkelingsgang via gekryge eerder as gekreë geloop het, d.w.s. dat die v.d.w. eers vokaalgelyk-skakeling ondergaan het en pas daarna intervokaliese /x/-verlies.

Dit is egter waarskynlik dat die intervokaliese g nog geskryf is al lank nadat dit uit die gesproke taal verdwyn het⁹⁶, sodat party gevalle wat op skrif as gekryge weergegee is, inderwaarheid sonder die /x/ uitgespreek is. Dit sou miskien verklaar waarom ons die tussenstadium gekrye nooit teëkom nie (wel in 1845 'n inf. kreye⁹⁷). Die skrifvorm gekrege sou dus ook gekreë kon weergegee het. In die lig van bg. probleem is dit tog moeilik om (b)(ii) as moontlike ontwikkelingstrap uit te sluit.

Enigsins vergelykbaar met gekry, is gery. Ons weet dat die oorgang van /d/ na /j/ reeds in Nederland voorgekom het⁹⁸. Naas die regstreekse opbou van 'n v.d.w. uit ge + inf., het ons hier ook twee verdere moontlikhede:



In dié geval het ons voorbeelde van geryde uit 1806 en 1811⁹⁹, van gereje uit 1770¹⁰⁰, 1772 (2x)¹⁰¹ en 1812¹⁰², asook 'n hele aantal voorbeelde van gerye, nl. uit 1734¹⁰³, 1765¹⁰⁴, 1801¹⁰⁵, 1802¹⁰⁶, 1818¹⁰⁷ en 1820 (2x)¹⁰⁸. Hiervolgens is dit nie duidelik wat die chronologiese volgorde

van vokaalgelykskakeling en (toenemende) vokalisering van /d/ is nie, maar lyk dit wel moontlik dat slot-/ə/-verlies eers later plaasgevind het. So het ons ook 'n paar voorbeelde van -geskeie, t.w. uit 1747 of 1748¹⁰⁹, uit 1762¹¹⁰ en by Johanna Duminy in 1797 (2x).

geweef: Changuion merk op: "Aan de Kaap zegt men ge-weefde kousen voor geweven"¹¹¹.

3.3.2 Relatiewe konserwatisme van die v.dw.

In hierdie par. word nagegaan in hoeverre die v.dw. in die geskrewe taal van afsonderlike taalgebruikers 'n "konserwatiewer" - of meer Ndl., uit die oogpunt van Afr. - gedaante aanneem as bv. die pv./inf. Met verwysing na sekere veranderinge in die stam van sterk wwe., kon die volgende vergelykings getref word:

- | | |
|--|---|
| E. Mostert, 1765 ¹¹² | |
| (1) geko(o)me(n) (3x) | : inf. koome, komme |
| (2) gere(e)de (4x), gereed | : inf. reijde, reijje |
| J. Laas, 1770 ¹¹³ | |
| (3) gekommen | : inf. komen, kommen |
| Catrina Pienaar, 1772 ¹¹⁴ | |
| (4) gekome (2x) | : inf. komme (2x) |
| E. Wentzel, 1777 ¹¹⁵ | |
| (5) gekommen | : inf. kommen, koomen |
| P.A. Mouton, 1801 ¹¹⁶ | |
| (6) gereeden, gereye | : pv. reije, inf. reijde, reije |
| J.H. Lategan, 1803 ¹¹⁷ | |
| (7) gehoude (ook attrib. ge-
houdene) | : inf. houwe, houden; t.dw.
houwende |
| P.A. Opperman, 1811-2 ¹¹⁸ | |
| (8) behouden (3x) | : inf. (uijt) houwen, onthouwen |
| J.C. Greyling, 1810-1, 1820 ¹¹⁹ | |
| (9) gereijden, gerijjen (2x) | : pv. reij, inf. reijden (2x) |
| A.J. van der Walt, 1810, 1812 ¹²⁰ | |
| (10) gehouwen | : pv. houw, inf. houwen (3x) |
| (11) gekoomen (3x) | : inf. koomen (2x), komme, kom |

D.S. Fourie, 1811, 1816¹²¹

(12) -gereeden (4x)

: inf. rijyen, rijden

D.S. Fourie, 1831¹²²

(13) gekreyge

: pv. kreij, krijge

"Verdrukte Grikwa", 1830¹²³

(14) gekome(n), gekom (2x)

: inf. kom (2x), koomen (en keik), pv. kom, opkoom (hiperkorrek : by enkelvoudige onderwerp).

(15) geblyffen

: inf. blyven, blyffen, pv. blyf

(16) opgegeven, gegee

: pv. geven

Koerantbrief, 1830¹²⁴

(17) gery

: inf. ry (asook kry en sny)

(18) aan ge-kom

: inf. kom (2x)

Koerantbrief, 1831¹²⁵

(19) gekryge (4x)

: inf. kryge (3x), kry, pv. kryg (2x)

L. Trigardt, 1836-8: Wwe. met 'n stameind-/d/ in Ndl. wat in Afr. verval het, behou vlg. Smuts by Trigardt meestal die d¹²⁶; Smuts laat egter nie duidelik blyk watter werkwoordsvorme (pv., inf. of v.dw.) die grootste d-verlies het nie. Maar elders maak hy die opmerking dat dit "eienaardig (is) dat al vier skrywers sterk ver. dwe. gebruik wat min afwykings van Ndl. vertoon, terwyl hul presensvorme veel meer ooreenkoms met Afr. vertoon"¹²⁷.

C.E. Boniface, 1830-44¹²⁸

(20) gekrege (4x), gekreê, gekry (5x)¹²⁹

: inf. kryge, krijge

A. Josef, 1839¹³⁰

(21) gekomen (3x), gekom

: inf. komen (2x)

L.H. Meurant, 1844-50¹³¹

(22) geskrywe, geskreve, geschreeuwe

: inf. skryf, skrywe

(23) gegee, gegewe, gege

: pv. geef (6x), inf. geef, gewe

(24) gekry

: pv. kry (8x)

(25) geroye

: pv. ry

Platje Wysneus, 1845-6¹³²

- (26) gekr(e)y (4x) : pv. kr(e)y, inf. kreye (2x),
krey
(27) -gekom (4x) : inf. kom
(28) gehou : pv. onthouw, hou, inf. ont-
houwen

Sabiena Zeskoeygat, 1846¹³³

- (29) gege : pv. geef (2x)

Dialog, 1846¹³⁴

- (30) gekr(e)y (2x) : inf. (rag) kry

Grietje van Pas (Meurant?), 1850¹³⁵

- (31) geskreve : inf. skrye, skryve

- (32) gekry : inf. kryge

Samespraak, 1850¹³⁶

- (33) gery (2x) : inf. ry

Bezuidenhout, 1851¹³⁷

- (34) gekregen, gekreeg : inf. krei (3x)

- (35) gegee : inf. geve (5x), pv. geef

- (36) geschreef (4x) : inf. schryve, schryf

- (37) gebly : pv. blyf (2x)¹³⁸

"A. van ***", 2 briewe, 1854¹³⁹

- (38) (aan-/op-)gehou (4x) : pv. hou, inf. (op-)houden
(3x), (aan-)hou (4x)

- (39) gekomen, opgekom : inf. (be-)komen (3x)

- (40) gekregen : pv. kryg (2x), inf. krygen,
kry

- (41) geword : inf. worden (3x)

Die v.dwe. wat hierbo ter sprake kom, is dié van kom, ry, hou, kry, gee en bly. Die doel is om vas te stel of daar 'n verskil in skryftaalkonserwatisme bestaan tussen die v.dw., enersyds, en veral die pv. en inf., andersyds. So 'n verskil sal o.m. blyk uit die lengte van die vokaal by vorme van kom, en uit ontwikkelings by die staeind-konsonant in die ander gevalle. (Die aan- of afwesigheid van slot-/ə/ is nie in ag geneem nie omdat dit in die volgende par. bespreek word). Ons vind bv. dat die kort

vokaal van kom by E. Mostert by die inf. verskyn en nie by die v.dw. nie: in hierdie geval is die v.dw. dus konserwatiewer (nader aan Ndl.) as die inf.; by Boniface het ons weer die omgekeerde, waar -kry sonder stameind-konsonant slegs by die v.dw. verskyn. In 'n hele aantal gevalle is daar geen verskil in konserwatisme nie, vgl. -ry by P.A. Mouton.

As ons hierdie kriterium op bost. gegewens toepas, vind ons in elf gevalle dat die v.dw. konserwatiewer is as die pv./inf., t.w. (1),(2),(4),(7),(8),(11),(12),(13),(19),(34) en (40) en in tien gevalle die omgekeerde, t.w. (3),(5),(20),(21),(23),(29),(32),(37),(38) en (39). Dat so 'n verskil in skryftaalkonserwatisme sou bestaan, kon dus met die beskikbare materiaal nie aangetoon word nie, ofskoon Smuts se gegewens, indien hierin geïnkorporeer, die ewewig wat ons hier vind, sou kon versteur.

3.4 UITGANG

3.4.1 Aard van die proses van slot-/ə/-verlies

Die verlies van 'n onbeklemtoonde /ə/ aan die einde van meersillabige woorde in "latere" Ndl. - veral uitgaande van Brabants-Hollands - word uitvoerig deur Van Haeringen behandel¹⁴⁰. Hy verwys hierna as "een tendentie die doorwerkt met een zodanige regelmaat dat men van een 'klankwet' zou willen spreken"; dit is egter 'n klankwet wat "verre van 'blind' heeft gewerkt": /ə/ is oor die algemeen bewaar waar dit 'n nuttige funksie vervul en het verval waar dit oorbodig was¹⁴¹. Wat werkwoordsvorme betref, meen Van Haeringen o.m. dat die aanwesigheid van die vnu. die slot-/ə/ by die 1e p. pres. indik. (bv. Ik neme) oorbodig maak sodat dit daar verval het en dat dit by swak imperfecta soos werke (in teenstelling met brecht, zocht, ens.) behou word ter wille van die onderskeid pres./imp.¹⁴². Die /ə/ van die pres. mv., inf. en v.dw. kom nie ter sprake nie. Buite die werkwoords-

vorme kom /ə/-verlies wel voor, maar dan met talle groepe uitsonderinge, vgl. o.m. afleidings soos hoogte; hulde, ellende, ens., wat nie "volkswoorde" is nie; plantname soos dille; armoede, ens., waar /ə/ saam met die deftige /d/ behou word ("twee ouderwetsheden in kombinasie"); boete, getuige, ens., uit die tradisionalistiese stadhuis-taal; in leenwoorde soos afname, en so meer. By die b.nw. is daar selfs 'n toename van kontekste waarin die /ə/ verpligtend is, waarskynlik a.g.v. dekking deur 'n daaropvolgende /n/; lg. verklaar ook /ə/-behoud in die uitgang van die verkleinwoord¹⁴³.

In die wordingsgeskiedenis van Afr. gaan slot-/ə/-verlies by die werkwoordsvorme veel verder as in Ndl. Scholtz betwyfel egter die opvatting van sommige dat die slot-e(n) aan die Kaap verdwyn het "as gevolg van 'n fonetiese proses", wat dan ook gesien word as 'n voortsetting van die Hollandse apokopee wat vanaf die 14e eeu aan die gang is¹⁴⁴. Waar hy enersyds wel melding maak van 'n "fonetiese voorwaarde" wat 'n rol speel by slot-/ə/-verlies by die ww. (nl. of die stam op 'n stemlose konsonant eindig as 'n nie), wys hy tog op talle voorbeelde van die behoud van 'n nie-funksionele slot-/ə/ in Afr. (anders as in Ndl., in sommige gevalle) en selfs die ontwikkeling van 'n voller vokaal in die plek van die /ə/. Ook wat die v.d.w. betref, beskou Scholtz dit as "nie baie aanneemlik" dat die uitgangsverlies die gevolg van 'n fonetiese proses kan wees nie¹⁴⁵.

'n Vraag wat in die lig van Scholtz se bg. besware bly bestaan, is wat die aard/status van die proses van slot-/ə/-verlies in Afr. ww.-vorme dan eintlik is. Enkele opvattinge van diachronie soos Anttila en Kiparsky i.v.m. klankverandering en funksionaliteit kan hier verhelderend werk.

Anttila wys op die moderne grammatika-opvatting waarvolgens die verskillende vlakke van die grammatika wel met mekaar saamhang, en beantwoord - aan die hand van voorbeelde - die vraag of daar 'n grensgebied bestaan tussen analogie en klankverandering, bevestigend (ofskoon dit

nie deur almal aanvaar word nie)¹⁴⁶. Ons vind o.m. dikwels "a different treatment of the same sound on the categorical verb-noun axis". Hy waarsku egter dat wat na grammaties gekondisioneerde klankverandering lyk, in sommige gevalle histories anders verklaar moet word¹⁴⁷. Dat slot-/ə/-verlies hom as klankwet voltrek in die ww.-stelsel van wordende Afr. terwyl nie-ww. onaangetas bly, behoort dus in die lig van Anttila se opvattinge heeltemal tot die moontlike. In verband met die "categorical verb-noun axis" is dit ook opvallend dat terwyl die Afr. s.nw. glad nie aan slot-/ə/-verlies onderhewig is nie, daar wel by die b.nw. - wat 'n soort tussenposisie tussen die v.dw. en die s.nw. inneem - 'n neiging tot, maar nie 'n voltrekking van slot-/ə/-verlies nie, bestaan¹⁴⁸.

Ook volgens Kiparsky staan dit nou vas dat "phonological processes, including even quite 'low-level' rules, and specifically also sound changes, can be subject to conditioning according to morphological categories"¹⁴⁹; hierdie kondisionering is egter onderhewig aan "functional conditions"¹⁵⁰. Kiparsky wys egter daarop dat ons nie die aanwesigheid van funksionele faktore kan aantoon as dit sou blyk dat die opvatting van funksionaliteit van taal tot taal aangepas moet word nie; om funksionaliteit as verklaringsbeginsel te handhaaf, hipotetiseer hy dat daar 'n universele hiërargie van kategorieë bestaan waarvolgens die sterkte van 'n bepaalde faktor (ander taal-spesifieke aspekte van die grammatika inaggenome) altyd op dieselfde wyse relatief moet wees tot 'n ander faktor¹⁵¹. In die lig van gegewens tot sy beskikking, noem hy as moontlike "sterk" kategorieë getalsaanduiding, tydsaanduiding ("tense"), grammatiese geslag en ww.-kongrensie (in tale met skrapping van die pers. vnw.), en as "swak" kategorieë naamval en ww.-kongruensie (in tale sonder skrapping van die pers. vnw.). Dat grammatiese geslag sterk moet wees - soos geïllustreer deur die "taaiheid" van die Duijse vroulike -e-bly vir hom voorlopig onverklaarbaar¹⁵².

Wat die geskiedenis van Afr. betref, is die verlies van slot-/ə/ by die pv. in die lig van bost. heeltemal verklaarbaar. Dat ook inf. en v.dwe. hulle slot-/ə/ sou verloor, is verder in ooreenstemming met 'n ander opvatting van Kiparsky, t.w. dat infleksionele paradigmas geneig is tot interne gelykskakeling¹⁵³.

Kiparsky se standpunt t.o.v. 'n universele hiërargiese grondslag vir funksionaliteit en sy bevinding dat skynbaar nie-funksionele, oorbodige, elemente soms hardnekkig weerstand bied teen verval, noodsaak ons om Van Haeringen se bg. funksionele verklaring t.o.v. slot-/ə/-verlies veral in die ww.-stelsel, krities te bejeën. Terwyl Van Haeringen sou moes redeneer - hy behandel nl. nie die inf. en v.dw. nie - dat die slot-/ə/ van die Ndl. inf. en v.dw. om funksionele redes behou word (of miskien as gevolg van historiese dekking deur -p?), sou ons, wat Afr. betref, ewe goed kan redeneer dat dit juis verdwyn het omdat dit redundant is. Verdere kwessies wat hierby 'n rol mag speel, is egter die ooster volgorde van lade van die ww.-groep in Afr.¹⁵⁴ en die teoretiese vraag na die hoeveelheid van funksioneel belangrike elemente wat vernietig kan word sonder dat die taalgebruiker daarteen in opstand kom.

Samevattend kan ons sê dat 'n opvatting soos dié van Scholtz, wat by implikasie lui dat 'n proses nie "foneties" (klankwettig) kan wees as dit nie by alle woordsoorte op dieselfde wyse verloop nie, fonetiese prosesse onnodig isoleer van prosesse - soos analogie - en faktore - soos funksionaliteit - op ander vlakke of tussen verskillende vlakke van die taal, en nie in ooreenstemming is met wat taalkundiges soos Anttila en Kiparsky moontlik ag nie. Van Haeringen se toepassing van die beginsel van funksionaliteit op die gebied van slot-/ə/-verlies gaan egter mank daaraan dat die norm vir funksionaliteit op 'n ad hoc-wyse juis uit die versameling taalfeite wat verklaar moet word, gehaal word.

3.4.2 Scholtz se datering van slot-/ə/-verlies

Die proses van slot-/ə/-verlies is wat die ww.-stelsel betref, reeds in hooftrekke deur Scholtz geskets. Sy belangrikste bevindings word hieronder kortliks waergegee.

Na aanleiding van talle vbe. van slot-/ə/-verlies by pve. met meervoudige owpe., asook van veral heef i.p.v. hebben en is i.p.v. zijn in die KT vanaf 1750 meen Scholtz "dat die uitdrukking van getalsverskil in die ww. al omstreeks 1750 uit die Kaapse taal verdwyn het"¹⁵⁵. Die oorweging van verdere vbe. uit die KA dwing hom later tot die gevolgtrekking "dat getalsverskil in die ww. al vroeg in die 18de eeu in egte Kaaps-Holl. opgehef was"¹⁵⁶. Ondanks voorbeelde van afwykings van die kongruensiereël in die Middeleeue en enkelvoudige pv. by meervoudige onderwerp by Bredero, in briewe van Johanna Maria van Riebeeck, ens., beskou Scholtz dit nog as "onwaarskynlik dat die toestand in die 17de- en 18de-eeuse kringtale waaruit Afr. voortgekom het, sodanig was dat die opheffing van die kongruensie aan die Kaap as 'n min of meer natuurlike, normale ontwikkeling daaruit kan beskou word" - vir die "vinnige verandering" moet ook verantwoordelik gehou word "sprekers van ander dialekte" en "talryke vreemdtaliges wat almal Holl. leer praat het"¹⁵⁷.

Wat die infinitief betref, meen Scholtz op grond van KT-gegewens uit die tydperk rondom 1800 dat "die huidige Afr. toestand al in dié tyd bereik was"; 'n verwysing van Changuion na uitgangsverlies by die inf. laat hom selfs Smuts se mening dat die inf. in Trigardt se tyd nog meer dikwels met die uitgang gebruik is as vandag, in twyfel trek¹⁵⁸. Na sy ondersoek van die KA-gegewens, begin die voorbeelde vir Scholtz eers teen 1800 so frekwent word dat hy stellig wil beweer "dat die proses van uitgangsverlies kort daarop naastenby voltrek was"¹⁵⁹.

Ofskoon Scholtz met so 'n moontlikheid rekening hou, is die verlies van slot-/ə/ by die v.d.w. vir hom "nie baie aanneemlik" as fonetiese proses nie¹⁶⁰; hy sien uitgangsverlies by die v.d.w. hoofsaaklik as onderdeel van 'n proses waarvolgens "reëlmatig gevormde dwe. direk in

die plek van oorspronklik onreëlmatige dwe. gebruik is"¹⁶¹. Hier het ons te make met die voltrekking van 'n normaliseringsneiging wat reeds in vroeë Ndl. bestaan het¹⁶². Uit die tydperk 1750-80 haal Scholtz uit die KA 'n aantal voorbeelde aan van uitgangsverlies by sterk v.dwe. sonder vokaalwisseling; daar is min voorbeelde uit die tydperk voor 1750¹⁶³. Wat betref die regularisering van die v.dw. oor die algemeen, kom Scholtz tot die gevolgtrekking dat dit "eers na 1750 'n betekenisvolle omvang aangeneem het"¹⁶⁴; al laat hy hom nie oor uitgangsverlies in die besonder uit nie, kan ons tog in hierdie gevolgtrekking 'n implisiete verwysing na uitgangsverlies sien, net soos die opheffing van getalsverskil by die pv. ook implisiet verwys na slot-/ə/-verlies by die pv.

As ons dan - samevattend - Scholtz se bg. gevolgtrekkings op uitgangsverlies betrek, kan ons daarin lees dat slot-/ə/ syne insiens by die pv. voor 1750 ("vroeg in die 18de eeu") verval het, en tussen 1750 en 1800 by die inf. (huidige toestand al in 1800 bereik) en v.dw. ("eer. na 1750 'n betekenisvolle omvang"). Scholtz se gevolgtrekkings is egter nie sodanig geformuleer dat daaruit afgelei kan word dat uitgangsverlies by die inf. en v.dw. gelyktydig plaasgevind het nie.

3.4.3 Sistematiese uitgangsverlies in tekstekomplekse

Soos in hoofstuk 2 by slot-/t/-verlies, kon ook hier verwag word dat die globale datering van slot-/ə/-verlies weerspieël word in die TKe van afsonderlike skrywers; dit is dan ook gevind. Dit is egter terselfdertyd duidelik dat die gevonde statistiese gegewens interpretasieprobleme bied wat verskil van dié wat slot-/t/-verlies gebied het.

Aangesien ons nie kan beweer dat slot-/ə/-verlies nie die sistematiese karakter van 'n klankwet besit sonder dat ons dit ook sistematies ondersoek het nie, het ek - o.m. met behulp van statistiese gegewens wat regstreeks deur Smuts gegee en onregstreeks by Pfeiffer¹⁶⁵ verkry kon word - die slot-/ə/-verlies by werkwoordsvorme

statisties nagegaan vir TKe (A) tot (17)¹⁶⁶. Uitgangsverlies is - weer op 'n token-basis - nagegaan vir die pv. van die ww., die inf. en die sterk v.dw.

'n Moontlike vergelykingsbasis wat ons buite die ww.-stelsel kon gehad het, t.w. die b.nw. en die s.nw., is buite rekening gelaat omdat die s.nw. tot vandag toe nie deur uitgangsverlies gekenmerk word nie, en ons by die b.nw. 'n radikale sisteemsverandering vind, wat vergelyking met die ww.-stelsel moeilik maak¹⁶⁷.

'n Ww. word as uitgangloos beskou wanneer e of en afwesig is, asook wanneer t - waarskynlik hiperkorrek - i.p.v. e of en voorkom. Omdat dit bekend is dat slot-/n/sels in Hollands eeue voor die volksplanting aan die Kaap nie meer uitgespreek is nie, is slot-n-verlies afsonderlik by die ondersoek betrek as 'n moontlike leidraad t.o.v. die verhouding skryftaal/spreektaal.

Die volgende formules is gebruik om die persentasies vas te stel:

$$\text{Uitgangsverlies: } \frac{\text{vorme sonder } -e(n) \times 100}{\text{vorme sonder } -e(n) + \text{vorme op } -e(n)}$$

$$\text{Slot-n-verlies: } \frac{\text{vorme op } -e \times 100}{\text{vorme op } -e + \text{vorme op } -en}$$

Vorme van zijn en hebben en die atematiese wwe. is in my eie ondersoek en interpretasie van Pfeiffer se gegewens buite rekening gelaat. By die pv. is gekyk na die pres. sowel as die sterk imp., maar dan net na gevalle met 'n meervoudige onderwerp, 1e en 3e persoon.

Aangesien die patroonmatigheid van die gegewens duidelik genoeg uit 'n tabel blyk, is afgesien van die grafiese voorstellingswyse wat in hoofstuk 2 gevolg is. Weer eens word persentasies wat op minder as 15 tokens gegrond is, tussen hakies geplaas. Die persentasies in die verskillende TKe, wat as uitgangspunt vir die res van die bespreking dien, word in Tabel 2 hieronder aangegee: Tabel 1 bevat die gegewens waarop die persentasies gegrond is.

Tabel 1: Tokens

IK	Persoonsvorm		Infinitief		Volt. deelwoord	
	Sonder uitgang	Sonder-n	Sonder uitgang	Sonder-n	Sonder uitgang	Sonder-n
(A) Kreuzmann	-	-	2/21	9/19	0/18	5/18
(B) Barbier e.a	77/230n168	8/153n168	106/976n169	0/861n169	153/336	1/183n170
(1) Wikar171	1/27	0/26	0/39	-	0/17	-
(2) Prinsloo	8/23	4/15	0/48	2/48	0/19	1/19
(3) Duminy 172	46/51	3/5	0/37	11/37	0/18	2/18
(4) Greyling	13/15	2/2	0/51	11/51	0/33	8/33
(5) V.d. Walt	33/33	-	5/111	4/105	0/47	1/47
(6) Opperman	23/23	-	7/73	2/66	0/53	1/53
(7) Oberh.	175/251	n173	5/406	395/401	9/236	221/227
(8) De Lima	71/89	2/18n173	1/187	123/186	0/44	24/44
(9) Joubert	334/445	n174	13/466	17/453	2/309	0/307
(10) Pretorius	72/190	-	6/332	10/326	3/119	0(?) / 116
(11) "Grikwa"	43/51	2/8	35/79	4/44	8/17	1/9
(12) Boniface 175	44/44n176	-	63/161n177	73/98n178	39/53n179	14/14
(13) Trigardt	±2000/±2020	n173	50/2879	180/2829	21/1138	3/1117
(14) Meurant180	73/76	0/3	129/217	75/88	18/37	9/19
(15) Bezuid.	39/40	1/1	46/66	9/20	22/30	2/8
(16) Scholtz	23/45	1/22	10/279	15/269	2/51	2/49
(17) A.v.***	52/52	-	57/137	2/80	19/30	0/11

Tabel 2: Persentasies

IK

IK	Persoonsvorm		Infinities		Volt. deelwoord	
	Sonder uitgang	Sonder-n	Sonder uitgang	Sonder-n	Sonder uitgang	Sonder-n
(A) Kreuzmann	-	-	10	47	0	28
(B) Barbier	34	5	11	0	46	1
(1) Wikar	4	-	0	0	0	0
(2) Prinsloo	35	27	0	4	0	5
(3) Duminy	90	(60)	0	30	0	11
(4) Greyling	87	(100)	0	22	0	24
(5) V.d. Walt	100	-	5	4	0	2
(6) Opperman	100	-	10	3	0	2
(7) Oberholster	70	-	1	99	4	97
(8) De Lima	80	11	1	66	0	55
(9) Joubert	75	-	3	4	1	0
(10) Pretorius	38	-	2	3	3	0
(11) "Grikwa"	84	(25)	44	9	47	(11)
(12) Boniface	100	-	39	75	74	(100)
(13) Trigardt	99	-	2	6	2	0
(14) Meurant	96	(0)	59	85	49	47
(15) Bezuidenh.	98	(100)	70	45	73	(25)
(16) Scholtz	51	5	4	6	4	4
(17) A.v.***	100	0	42	3	63	(0)
↓ 77			↓ 17		↓ 19	

Gemiddelde
persentasie,
fKe(1)-(17):

Tabel 2: PersentasiesTK

	<u>Persoonsvorm</u>		<u>Infinitief</u>		<u>Volt. deelwoord</u>	
	Sonder uitgang	Sonder-n	Sonder uitgang	Sonder-n	Sonder uitgang	Sonder-n
(A) Kreuzmann	-	-	10	47	0	28
(B) Barbier	34	5	11	0	46	1
(1) Wikar	4	-	0	0	0	0
(2) Prinsloo	35	27	0	4	0	5
(3) Duminy	90	(60)	0	30	0	11
(4) Greyling	87	(100)	0	22	0	24
(5) V.d. Walt	100	-	5	4	0	2
(6) Opperman	100	-	10	3	0	2
(7) Oberholster	70	-	1	99	4	97
(8) De Lima	80	11	1	66	0	55
(9) Joubert	75	-	3	4	1	0
(10) Pretorius	38	-	2	3	3	0
(11) "Grikwa"	84	(25)	44	9	47	(11)
(12) Boniface	100	-	39	75	74	(100)
(13) Trigardt	99	-	2	6	2	0
(14) Meurant	96	(0)	59	83	49	47
(15) Bezuidenh.	98	(100)	70	45	73	(25)
(16) Scholtz	51	5	4	6	4	4
(17) A.v.***	100	0	42	3	63	(0)
Gemiddelde			17		19	
persentasie, TKs(1)-(17):			77			

3.4.4 Interpretasie van die gegewens

Die verhouding wat in die gemiddelde persentasies weerspieël word, nl. inf. en v.dw. na aan mekaar (17% en 19%, onderskeidelik) en pv. heelwat hoër (77%), vind ons oor die algemeen ook in die afsonderlike TKe terug; uitsonderings is "A. van ***" en veral Boniface, waar die v.dw. heelwat meer uitgangsverlies as die inf. toon (in ander TKe - Barbier e.a. kom later ter sprake - is die verskil nêrens groter as 10% nie) en Wikar, met min verlies in die pv.¹⁸¹.

Die feit dat uitgangsverlies by twee soorte wwe., t.w. die inf. en v.dw., so na aan mekaar lê, suggereer dat slot-/ə/-verlies tog kenmerke van 'n klankwet of "fonetiese proses" het. Uitgangsverlies by die pv. sou dan soveel hoër kon wees a.g.v. 'n addisionele faktor wat met kongruensie saamhang.

'n Verdere waarneming is dat die TKe in die lig van die hoeveelheid uitgangsverlies by die inf./v.dw. in twee groepe verdeel kan word: dié met slot-/ə/-verlies tussen 0 en 10%, en dié met verlies tussen 40 en 75%.

Die getabuleerde gegewens is suggestief t.a.v. die problematiese verhouding skryftaal/spreektaal. 'n Paar van die aspekte daarvan word hieronder behandel, eers met verwysing na uitgangsverlies as sodanig en dan met verwysing na die verlies van die slot-n.

Kyk ons nou na die bovermelde uiteenval in twee groepe, dan bemerk ons 'n duidelike samehang tussen uitgangsverlies bo 40% by die inf./v.dw. en 'n buitetaalse faktor: onder ons TKe is dit juis dié wat tot 'n breër publiek as bv. net die ontvanger van 'n brief gerig is, met bowendien 'n emotiewe trant. Lg. kan strek van 'n geksekerdery met Hottentotkarakters (bv. deur Boniface) tot die ander die aandag bring van 'n saak wat die skrywer na aan die hart lê (veral Bezuidenhout en "Verdrukte Grikwa"). Ook die geskrifte van Barbier hoort hier tuis; die briewe van Meurant en "A. van ***" in 'n mindere mate. In TKe soos (3), (5), (6) en (13) is dit opvallend hoe byna kategoriese uitgangsverlies by die pv. kontrasteer met 'n soort-

gelyke behoud van die uitgang by die inf./v.dw. Dit laat vermoed dat skrywers die aan- of afwesigheid van die inf./v.d.w. -/ə/ veel meer bewustelik kon beheer as bv. die swak v.dw. se slot-/t/.

Dit is nogtans wat die v.dw. betref opmerklik dat slot-/ə/-verlies - selfs by skrywers wat klaarblyklik nie Ndl. probeer skryf nie - nooit kategoriees word nie: 74% verlies bly die maksimum. Dit lyk dus tog waarskynlik - soos Smuts ook meen - dat daar in die eerste helfte van die 19e eeu wat die uitgang betref nog 'n soort onderskeid was tussen die pv., enersyds, en die inf./v.dw., andersyds. 'n Paralelle onderskeid vind ons in dié tyd nog by die atematiese wwe. (bv. staat t.o. staan, geste.)

In vergelyking met die patroon wat ons in TKe (2) - (17) aantref, is die van (8), Barbier, e.a. - met meer verlies by die v.dw. as by die pv. - duidelik afwykend.

Die verlies van slot-n is van belang vir ons beoordeling van die verhouding skryftaal/spreektaal, omdat ons weet dat dit nooit tot die gesproke taal van die skrywers van ons TKe kon behoort het nie. Enkele waarnemings kan ook in hierdie verband gedoen word, ofskoon 'n duidelike interpretasie nie altyd moontlik is nie.

Dit is in die eerste plek normaal dat skrywers die /ə/-uitgang as -en weergee, volgens die tradisionele Ndl. spelling. TKe waarin die uitgang redelik konsekwent behou word, en dan hoofsaaklik as -en, is (1), (2), (5), (6), (9), (10), (13) en (16). Dit is verder nie verbasend dat Johanna Duminy, wie se taal heelwat spreektaalkenmerke het, in 'n aantal gevalle (veral by die inf.) die -n laat verval nie.

Dit is, daarenteen, normaal dat iemand wat doelbewus die gesproke taal in sy "andersheid" wil weergee, van die Ndl. skrifteeld sal probeer wegbeweeg; vgl. in hierdie verband veral Meurant en Boniface, met sowel heelwat uitgangs- as heelwat n-verlies. Ook die Bezuidenhout-brief - waarvan dit moeilik is om die normtaal te bepaal - word deur hierdie patroon gekenmerk.

Smuts wys op die opvallende diskrepansie tussen lae uitgangsverlies en hoë n-verlies by Oberholster in teenstelling met sy tydgenote¹⁸². By Greyling (TK (4)) kan ons iets hiervan gewaar. Ons het hier miskien met 'n blote spellingonkundigheid of-willekeur (vgl. noot 172) te make; 'n soortgelyke verskynsel vind ons i.v.m. die spel van s of z: Trigardt en Pretorius behou bv. vlg. Smuts die z in 90% van gevalle, terwyl Oberholster en Joubert "byna konsekwent" s skryf¹⁸³. Hierdie diskrepansies i.v.m. die skryf van n getuig van die gebrek aan sisteem wat verwag kan word by die hantering van 'n spellingkonvensie wat nie op 'n element in die spreektaal gegrond is nie; die geskrifte van Joubert, Oberholster en Pretorius is juis goed met mekaar vergelykbaar.

De Lima se taal wil volgens Nienaber "n nabootsing van die spreekwyse van gegoede en beskaafde mense uit 'n buiteland" wees¹⁸⁴. As ons "spreekwyse" letterlik opneem, is dit nie verbasend dat dié uitgang so dikwels juis sonder die skryftaal-n voorkom e.

Ten slotte kan miskien oor Kreuzmann opgemerk word dat die n-verlies by hom saamhang met die kriptiese aard van sy rekeningboek en sy algemene neiging tot woordverkorting.

3.4.5 Algemene gevolgtrekkings

Terwyl die "actuation"¹⁸⁵ van die grootskaalse slot-/ə/-verlies in die Afr. ww.-stelsel nie uit Ndl. verklaar kan word nie (in wese die standpunt van Scholtz¹⁸⁶), is die situasie m.b.t. die behoud en verlies van /ə/ in die geskiedenis van Afr. tog nie wesenlik anders as dié wat vir Ndl. geskets is deur Van Haeringen nie. Die neiging tot die wegval van 'n nie-funksionele /ə/-uitgang was reeds in die Ndl. ww.-stelsel aanwesig. In die lig van die omvang van slot-/ə/-verlies in Afr. het dit reeds duidelik geword wat die gebreke is van Van Haeringen se taal-spesifieke benadering tot "funksionaliteit" in die ww.-stelsel. Die patroonmatige variabiliteit van slot-/ə/-

verlies in die Afr. ww.-stelsel kenmerk dit as 'n klankwettige proses, maar dan een met 'n morfologiese beperking. Gesien die gedeeltelike behoud van /ə/ by die b.nw. en die volledige behoud daarvan by die s.nw. (ekv. en mv.), kan die beperking moontlik beskryf word as 'n beperking op slot-/ə/-verlies van die meer naamwoordelike elemente op 'n skaal van woord- (en werkwoord-) soorte wat strek vanaf die s.nw. tot by die pv.

3.5 DIE VERHOUDING STAM/UITGANG

In die vorige paragraaf is nagegaan wat die persentasie uitgangsverlies by die st.v.dw. in 'n aantal TKe is. Daar is o.m. vasgestel dat uitgangsverlies by die v.dw. goed korreleer met uitgangsverlies by die inf. (ook dié van swak wwe.), en dat uitgangsverlies by die pv. telkens steeds hoër is - wat dit waarskynlik maak dat ons hier tog te doen het met 'n variabele fonologiese proses van slot-/ə/-verlies, weliswaar so te sê beperk tot die ww.-stelsel.

Op die moontlikheid van faktore wat uitgangsverlies by 'n bepaalde v.dw./groep v.dwe. meer of minder waarskynlik maak, is egter nie ingegaan nie. Een so 'n faktor is moontlik die rol wat die /ə/ in v.dw.-markering speel - 'n rol wat na verwagting belangriker is in die v.dw. verlate as in gebroke, lg. met nog twee ander v.dw.-markerings. Aangesien gegewens skaars is, word hieronder (par. 3.5.1) net kortliks gekyk na uitgangsverlies by v.dwe. met en sonder wisseling van die stamklinker.

As ons Scholtz se vermoede¹⁸⁷ wil ondersoek dat v.dwe. met vokaalwisseling in stadiums reëlmatig geword het, moet ons ons ook wend tot die verhouding stam/uitgang by afsonderlike v.dwe. As daar tog sprake is van 'n reëlmatige proses van uitgangsverlies, kan ons nagaan wat die chronologiese verhouding van vokaalgelykskakeling by verskillende tipes v.dwe. tot die proses van uitgangsverlies is, vgl. par. 3.5.2 hieronder.

3.5.1 Uitgangsverlies en v.dwe. met of sonder vokaalwisseling

Een of meer van 'n v.dw. se fonologiese of morfologiese onderdele kan hom as v.dw. markeer, vgl. die onderstreepte gedeeltes in gegeten, verbroken, gekregen. Die onderstreepte foneme en morfeme laat die v.dw. op verskillende maniere met ander soorte wwe. kontrasteer: die /o/ van verbroken skep bv. 'n kontras met pv. (pres. en imp.) en inf., die /e:/ van gekregen met pv. (pres.) en inf., die uitgangs-/ə/ met die pv. (ekv.), ens. Ons kan verwag dat die relatiewe funksionele belangrikheid van onderdele van die v.dw. bepalend sal wees vir die wyse waarop 'n v.dw. reëlmatig word, as dit nie ineens gebeur nie. Aangesien daar ten ene male te min materiaal beskikbaar is om die proses in soveel besonderhede te ontleed, vergelyk ek net kortliks die persentasie slot-/ə/-verlies by v.dwe. wat in die tekste nog vokaalwisseling vertoon met dié by v.dwe. wat histories geen vokaalwisseling het nie.

'n Ontleding van die v.dwe. wat Pfeiffer by die Franssprekendes vroeg in die 18e eeu opgeteken het (en ek neem weer eens aan dat al die gevonde v.dwe. opgeteken is), toon dat van die 192 v.dwe. wat hulle vokaalwisseling behou het, 107 of 56% sonder uitgang voorgekom het, terwyl van die 203 v.dwe. sonder historiese vokaalwisseling, slegs 33 of 16% sonder uitgang voorgekom het¹⁸⁸. Hier is dus 'n aanduiding dat die uitgang makliker kon verval wanneer die stamvokaal nog 'n kontrastiewe funksie kon vervul.

Uit die TKE was daar slegs enkeles wat gegewens opgelewer het, en in die meeste gevalle te skraal (Die persentasies berus weer eens op tokengetalle - agterna in hakies aangegee):

Persentasie uitgangsverlies

	<u>Met vokaalwisse-</u> <u>seling gerealiseer</u>	<u>Met geen histo-</u> <u>riese vokaal-</u> <u>wisseling</u>
<u>TK</u>		
(12) Boniface	64% (25)	38% (8)
(14) Meurant	0% (9)	39% (13)
(15) Bezuidenhout	50% (8)	29% (7)
(17) A. van ***	20% (5)	54% (13)

Die gegewens vir Tke (12) en (15) is in ooreenstemming met en dié vir (17) teenstrydig met dié vir die Franssprekendes; die gegewens laat ons dus nie toe om 'n eenduidige neiging te konstateer nie.

3.5.2 Vokaalgelykskakeling en uitgangsverlies: tussenstadiums?

Scholtz wys op die aanwesigheid van 'n groot aantal st. v.dwe. in die ou tekste wat hulle vokaalwisseling behou, maar hulle uitgang verloor het (bv. geschoot), en noem na aanleiding daarvan as 'n moontlikheid dat sommige v.dwe. "tussenstadiums" gehad het: "verlies van die uitgang -e met behoud van die klankwisseling, of ook wel eers opheffing van die klankwisseling en daarna verlies van die uitgang"¹⁸⁹.

Nou is dit opvallend - ook al uit die voorbeelde wat Scholtz aanhaal - dat v.dwe. met 'n /əi - e:/- of voorvokaal-voorbvokaal-ablautsverhouding tot die pres./inf. sowel met uitgangsverlies (gekreeg) as met vokaalgelykskakeling (gekrygen) voorkom, terwyl v.dwe. met alle ander ablautsverhoudings hoofsaaklik met uitgangsverlies voorkom (bv. geenoom) - gevalle van totale gelykskakeling daargelaat.

Hierdie verhouding kom heel duidelik in die vroeg 18e-eeuse Ndl. tekste van Franssprekendes aan die Kaap na vore. Pfeiffer het die volgende aangoteken (Ek verontagsaam dié met sowel /ə/-verlies as reëlmatige vokaal - bv.

gesluit - en reken dié sonder slot-/ə/ maar met t in die plek daarvan onder /ə/-lose gevalle: die t is moontlik hiperkorrek, maar in elk geval aanduiding van 'n gedeeltelike regularisering)¹⁹⁰.

(a) Gevalle met en-uitgang, maar vokaal van pres./inf.:
ontbieden (1x), bedrijven (1x), gekrijgen (1x), bewijzen (12x), gebljcken (1x), geblijven (6x), gekisen (1x).

(b) Gevalle met behoud van vokaalwisseling, maar met o of t as uitgang (en ander kleinere afwykings):
gedronk (1x), geholp (3x), gekreegt (1x), gekreekt (1x), genoom (1x), aengenomet (1x), geschreeft (22x), (af-, weg-) gestoot (22x), gestool (6x), (af)getrokt (2x), afgetrock (1x), verwerp (1x), bedroogt (12x), bedrogt (1x), bedroog (1x), begon (1x), gebrock (1x), geboogt (1x), geklont (1x), aengekeekt (1x), geswoor (1x), geswoort (1x), overwonn (1x), gesoogt (1x), verloor (13x), verloort (1x).

In groep (a) is daar 25 tokens teenoor 107 in groep (b). As ons die ablaustipe tipeer o.m.v. die vokaal van die pres./inf.-stam en van die v.dw.-stam, is die tokens soos volg oor die verskillende ablautsverhoudings verdeel:

	<u>Ablautsverhouding</u>	<u>Tokens</u>
(a)	/i — o:/	2
	/əi — e:/	23
(b)	/ə — ɔ/	4
	/ɛ — ɔ/	7
	/əi — e:/	25
	/e: — o:/	33
	/i — o:/	28
	/œy — o:/	10

Die ablaustipes wat in groep (a) (slot-/ə/-verlies) voorkom, vind ons ook in groep (b). Te oordeel na die aantal tokens, hoort die tipe /i — o:/ meer in groep (b) as in (a) tuis. Tipe /əi — e:/ is egter byna ewe goed in albei

groepe verteenwoordig, en is tewens die enigste tipe met 'n voorvokaal in die v.dw.-stam; by al die ander tipes is daar duidelike kontras tussen voor- (of neutrale) vokaal en agtervokaal.

Ons Kaaps-Ndl. asook sommige vroeë Afr. tekste dui ook in hierdie rigting. Ons kyk eerstens na v.dwe. van wwe. met 'n voor- (of neutrale) vokaal/agtervokaalwisseling en dan na dié met 'n /əi - e:/-wisseling, en ten slotte na gevalle van hiperkorreksie wat net vir lq. tipe gevind word en dus 'n aanduiding is van die onsekerheid i.v.m. die vokaalwisseling in hierdie groep. Indien 'n tussenstadium by 'n bepaalde v.dw. nie genoem word nie, beteken dit dat dit nooit gevind is nie.

(a) Voor- (of neutrale) vokaal/agtervokaal:

(i) Vokaalwisseling en uitgangsverlies:

begonnen: Begont uit 1766¹⁹¹ - nie noodwendig van 'n Kapeenaar; begon (2x) by Boniface, 1832¹⁹² en in 1854 by "A. van ***" (1x)¹⁹³. Beginnen kom in die KA 'n paar maal voor in die konstruksie had beginnen te + inf., waar beginnen egter bes moontlik as inf. gebruik word.

gebonden: Net was gebond by A. Josef in 1839¹⁹⁴.

gedronken: Gedronk (3x) by Boniface se Hendrik Kok in 1836¹⁹⁵ asook in De Nieuwe Ridderorde ... van 1832. Die b.nwe. dronk(e) het moontlik as versterking van hierdie vorm gedien.

genomen: A. Josef het genom naas geneem¹⁹⁶; Boniface het in 1830 genoom¹⁹⁷.

gescholden: Boniface het in 1832 uitgeschol¹⁹⁸.

gesproken: Gesprook in 'n koerantbrief van 1845¹⁹⁹.

getrokken: Ingetrok in 1784²⁰⁰, vertrok in 1793²⁰¹.

verloren: Verloord naas verloren (2x) en verlies (2x) by Trigardt²⁰².

(ii) Albei tipes:

geschoten: Geschoot naas geschooten in 1811²⁰³, geschoot in 1812²⁰⁴; hierteenoor egter afgeschieten in 1854 by A. van ***²⁰⁵.

gestolen: Gestool (5x) vind ons (naas gestole) by Boniface in 1830²⁰⁶ en ook weer in 1832. Gestele vind ons in 1786²⁰⁷; gesteellen (2x) naas gestool(1)en (4x) in 1852 by H.J. Pretorius²⁰⁸.

(iii) Vokaalgelykskakeling, met behoud van uitgang:

geborgen: De Kock het in 1860 geberre²⁰⁹.

gezonden: Joubert het gesenden²¹⁰.

getroffen: Aangetreffen, 1802²¹¹.

bevonden: In 1781 bevinde (waarskynlik v.d.w.) naas bevonde, gevonde²¹².

bewogen: In 1853 bewaegen by P.E. Scholtz²¹³.

In (i)-(iii) hierbo is daar 22 tokens met vokaalwisseling en sonder uitgang, en 5 tokens sonder vokaalwisseling maar met behoud van die uitgang.

(b) Voor- (of neutrale) vokaal/voorvokaal:

(i) Vokaalwisseling en uitgangsverlies:

gebleken: Gebleek by Oberholster²¹⁴.

gezet: Gezeet by Boniface in 1830²¹⁵.

gesmeten: Gesmeet in 1729-30²¹⁶.

gesneden: Af geznet in 1725²¹⁷.

(ii) Albei tipes:

gedreven: Gedrijwen by Trigardt²¹⁸; weggedrywen in 'n koerantbrief van 1834²¹⁹; hierter oor verdreef by Pretorius²²⁰.

gekregen: Gekrygen, 1730²²¹; gekreygen in 1810²²² en 3 maal in 1817²²³; gekreyge in 1831²²⁴; gekrygen in 1830 by "Verdrukte Grikwa"²²⁵; gekryge (4x) by Boniface in 1831²²⁶; gekrygen in 'n koerantbrief van 1849²²⁷ - Hierteenoor slegs eenmaal gekreeg (naas gekregen) by Bezuidenhout in 1851²²⁸.

gereden: Gereijsen reeds in 1734 in die KA²²⁹; gereie in 1765²³⁰, gereye in 1801²³¹, gereyye in 1802²³².

Geryden vind ons in 1806²³³, gereijden in 1811²³⁴, gereyen in 1818²³⁵, gereijsen (2x) in 1820²³⁶. - Hierteenoor vind ons slegs gereed (naas gere(e)de (3x)) in 1765²³⁷.

geschreven: Beschrijven (moontlik 'n v.d w.) kom in 1754 voor²³⁸, geschrijven in 1815²³⁹, geschreiven (naas geschreven) in 1817²⁴⁰, geschryven (2x) by "Verdrukte Grikwa" in 1830²⁴¹ asook in 'n ander koerantbrief uit dieselfde jaar²⁴², en geschryve by Meurant in 1850 (naas geskryve)²⁴³. - Hierteenoor vind ons geschree by Joubert²⁴⁴ en geschreef (4x) by Bezuidenhout in 1851²⁴⁵.

(iii) Vokaalgelykskakeling, met behoud van uitgang:

bezwaken: Beswijken in 1731²⁴⁶.

gebleven: Geblijven in 1739²⁴⁷, geblyffen in 1830²⁴⁸.

gelegen (Hier speel verwarring met die swak ww. beslis 'n rol): Geleggen in 1731²⁴⁹, 2 maal in 1733²⁵⁰ en in 1752²⁵¹.

overleden: Overlijden by Joubert²⁵².

verschenen: Verschynen by P.E. Scholtz in 1852²⁵³.

In (i)-(iii) hierbo is daar 12 tokens met vokaalwisseling en sonder uitgang, en 37 tokens sonder vokaalwisseling en met uitgang.

Dit is opvallend dat waar ons heelwat voorbeelde van die /əi - e:/-tipe het, soos by kry, ry en skryf, die tipe met vokaalgelykskakeling steeds meer frekwant is as die tipe met uitgangsverlies.

Dit is verder opmerklik dat hiperkorreksie wat dui op onsekerheid i.v.m. die vokaalwysiging, net by die /əi - e:/-tipe aangetref is: Die weduwee F. Pienaar se kort verklaring uit 1775 bevat die sinsnede: "by het overleeden van syn kind"²⁵⁴; Maria Schrurs (77 jr. oud) gebruik in 1723 kregen as inf.²⁵⁵; 'n testament geskryf in 1775 deur P.J. Heijns bevat die vlg.: "en wanneer ik komt te overleeden"²⁵⁶, waar komt ook hiperkorreksie toon; ons vind "te schreeven" in 'n seeman se brief uit 1746²⁵⁷; schreven kan 'n pres.-vorm wees in die verklaring uit 1777 van C.A. Meijsselbagh, met 'n bietjie Duitse invloed²⁵⁸; 'n persoonlike briefie van Jannetie Clerk uit 1711 het "te gekregen"²⁵⁹; C. Smit gebruik in 1816 kreeg as inf.²⁶⁰; Burger het in 1817 schreef as inf.²⁶¹; Aucamp het in 1825 moontlik scheen vir schijnt²⁶²; ons vind in 1802

begrepe vir die inf. begrijpen²⁶³; "Verdrukte Grikwa" het in 1830 "moet ... kom keek"²⁶⁴, en in 'n brief, moontlik van Meurant, vind ons in 1844 as inf. skreven (2x).

Heelwat van ons vbe. is van 'n baie vroeë datum; dit val ook op dat 'n paar van vroue afkomstig is.

3.5.3 Bevindings

Uit die oogpunt van "tussenstadiums" vind ons oor die algemeen 'n verskil tussen v.dwe. van /əi - e:/-wwe., enersyds, en v.dwe. van voor- (of neutrale) vokaal/agtervokaal-wwe., andersyds. By die Franssprekendes vertoon /əi - e:/-v.dwe. albei soorte tussenstadiums en die ander v.dwe. hoofsaaklik 'n tussenstadium gekenmerk deur uitgangsverlies; in ons ander tekste vind ons meer vokaalgelykskakeling as uitgangsverlies by /əi - e:/-v.dwe., meer uitgangsverlies as vokaalgelykskakeling by die ander. Hiperkorreksie wat dui op onsekerheid i.v.m. die vokaalwysiging, het ek net by /əi - e:/-wwe. aangetref.

In soverre die gegewens enige afleidings moontlik maak, wil dit lyk asof die fonologiese afstand tussen die vokaal van die pres./inf. en dié van die v.dw., 'n rol kon gespeel het in die tussenstadiums wat deurloop is.

Twee verklarings kan oorweeg word: (a) Die diftong /əi/ en die gespanne klinker /e:/ lê so na aan mekaar dat fonetiese verwarring kan plaasvind. Daar is egter heelwat fonetiese veranderlikes om mee rekening te hou, bv. die presiese uitspraak van die diftong - [əi] of [ɛi] -, van die lang klinker - [ɛ:i] of [e:]²⁶⁵ - ook by Ndl. dialektspreekers en by Duitssprekendes; (b) Die meer gemarkeerde/onreëlmatige vorm het dikwels langer staande gebly in die wording van Afr. (vgl. o.m. die imperfek en 'n v.dw. soos gedaan), en die kontras voor- (neutrale) vokaal/agtervokaal is meer opvallend as /əi - e:/.

3.6 GELYKSKAKELING

Onder "gelykskakeling" word vir die doel hiervan verstaan

die afwesigheid van sowel vokaalwisseling as uitgang, sodat die v.dw. met die uitsondering van ge- met die pv./inf. ooreenstem. Ek beperk my hieronder tot v.dwe. met historiese vokaalwisseling; alhoewel dit nie moontlik is om vas te stel of hulle regstreekse of via 'n tussenstadium gelykgeskakel is nie, val gelykstekeling en fonologiese slot-/ə/-verlies by 'n v.dw. soos gelaat so saam dat dit nie sinvol is om v.dwe. sonder vokaalwisseling hier te betrek nie.

Twee vrae kan o.m. in hierdie verband gestel word:

(i) Het sommige v.dwe. hulle huidige vorm deur regstreekse gelykstekeling verkry, terwyl ander dit via 'n tussenstadium verkry het? (ii) Kenmerk regstreekse gelykstekeling die taal van sommige taalgebruikers en tussenstadia die taal van ander? In die volgende twee paragrawe gaan ek op hierdie vrae in.

3.6.1 Gelykstekeling en afsonderlike v.dwe.

Uit hierdie oogpunt bekyk, is die beskikbare gegewens te skaal om tot 'n duidelike gevolgtrekking te kom. Daar is 'n aantal v.dwe. waarvan in die loop van die geskiedenis byna uitsluitlik gelykgeskakelde vorme voorkom; hulle besit egter geen duidelike gemeenskaplike (formele of ander) kenmerk nie, en ons het geen aanduiding dat dit nie maar toevallig is dat vorme wat tussenstadia vertoon, nie in ons tekste voorgekom het nie. Volledigheids-
halwe word die gegewens tog hieronder gegee.

Vooraf kan gemeld word dat vir begin alleen maar tussenstadia aangetref is (begin, en beginnen in die konteks had te waar beginnen egter eerder inf. as v.dw.-in-tussenstadium is), vir -kry, -neem, -skiet, -skryf en -trek, tussenstadia sowel as gelykstekeling²⁶⁶. Byna uitsluitlik gelykstekeling vind ons by die vlg.: gebroken: Benewens gebrock by 'n Franssprekende²⁶⁷, het ons gebreek in 1831²⁶⁸, gebrek by A. Josef in 1839²⁶⁹, gebreek in 1845²⁷⁰, opgebrek in 1846²⁷¹ en gebreek (5x) by De Kock in 1859-60²⁷². Vir byna 'n honderd jaar voor

1831 ontbreek gegewens dus geheel en al. Dieselfde soort gapings is ook by die res van die gegewens sigbaar.

gekeken: Aangekijk in die "Lied" van 1795; afgekyk (2x) in 'n brief van 1850²⁷³; gekijk (3x) by De Kock in 1860²⁷⁴.

gestoken: (Dop) gesteek by Boniface in 1831²⁷⁵; ingesteek by Kaatje Kekkelbek in 1839²⁷⁶; (sopies) gestek in 'n brief van 1845²⁷⁷; (in de schande) gesteekt in 1849²⁷⁸; gesteek by Meurant in 1850²⁷⁹; (o.a.: een dop) gesteek (3x) by De Kock in 1860²⁸⁰.

gezopen: Gezuip by Boniface in 1830²⁸¹; gezuipt by Trigardt (1836-8)²⁸².

gewezen: Naas bewijsen (12x) en bewys (6x) by die Franssprekendes²⁸³; geweyst in 1776 in die KT (no. 298), geweys in 1812 in die KT (no. 227), in 1851 outgewys by P.E. Scholtz²⁸⁴ en gewys by Bezuidenhout²⁸⁵.

3.6.2 Gelykskakeling en afsonderlike skrywers

Die lied "Ter Eere van de Swellendamsche en Diverse Andere Helden ..." van 1795 bevat net twee v.dwe., albei van die gelykgeskakelde tipe en in rym met mekaar: aangekijk en bezwijk²⁸⁶.

"Verdrukte Grikwa" het in sy brief van 1830 die vlg. gelykgeskakelde v.dwe.: ingetrek, terug getrek, geschiet (3x) en gekom (2x); verder het hy gevalle met gelykgeskakelde vokaal: gekrygen, geblyffen en geschryven en nog volledig onreëlmatige gekome(n) (3x), maar geen geval met vokaalwisseling en sonder uitgang nie²⁸⁷.

"Een Boer" het in sy koerantbrief van 1830 as st. v.dwe. slegs die gelykgeskakelde gery en aan ge-kom, en, met behoud van die uitgang, geschryven²⁸⁸.

Trigardt (1836-8) het vlg. Smuts enkele gevalle van gelykskakeling, nl. verhelp, geschiet, gesluip, gezuipt en gezit, en net een geval sonder vokaalwisseling maar met uitgang, t.w. gedrijwen²⁸⁹ - geen melding word van die ander tipe tussenstadium gemaak nie.

Oberholster het gelykskakeling, bv. vermijd, en gevalle van die tipe tussenstadium met uitgangsverlies, bv. gebleek²⁹⁰.

'n Hele paar gevalle van gelykskakeling vind ons in 1839 by A. Josef²⁹¹, t.w. gebrek, geschiet (2x), genem (naas genom) en gesprek (almal v.dwe. met 'n /o:/-stam in Ndl.). Die vokaalwisseling word verder slegs behou in gebede, gedan (2x) en (vas)gebond. Ons vind geen geval waar die uitgang behou word as tussenstadium nie.

Volgens Scholtz se ontleding²⁹² van die st. v.dwe. by Boniface het hy 'n hele aantal gevalle van gelykskakeling, t.w. gekom (7x - naas 2x gekome), gekry (5x - naas 4x gekreege, 1x gekreeû), gezuip (1x - naas 1x byv. bezoop), gesteek (1x) en geschryf (1x). Met vokaalwisseling maar sonder uitgang is daar gestool (5x), gedronk (4x), gekoom, genoom, gezeet, gewees, begon, uitgeschol, geholp en verloor (elk 1x)²⁹³. Daar is geen geval van vokaalgelykskakeling met behoud van die uitgang nie.

By Meurant kom gelykskakelings te oordeel na Scholtz²⁹⁴ se voorbeelde dikwels voor, bv. gekry, gekyk, gery, geskiet, gedrink, gebreek, gekom. Met vokaalwisseling en uitgang het hy nog aangenomen, uitgescholden, geskreve(n), en vorme soos gereye en geskrywe sonder vokaalwisseling.

'n Koerantbrief uit 1845 - wat Duitse invloed verraa - het gekom (2x) en (sopies) gesteek: dit is die enigste v.dwe. met historiese vokaalwisseling, en al drie kom hier gelykgeskakeld voor²⁹⁵.

In die briewe van Platje Wysneus (1845-6) vind ons die gelykgeskakelde v.dwe. gekr(e)y (4x), -gekom (4x), gedoen (3x) naas gedaan, opgebrek en gesteel; slegs met gelykgeskakelde vokaal is daar gereye en slegs met uitgangsverlies geboor (2x); geskreven is nog (byna) volledig Ndl.²⁹⁶

In die Sameesprek van Platje Windvogel en Jantje Gedult²⁹⁷ van 1846 vind ons die gelykgeskakelde v.dwe. gekom, gesweer en gekr(e)y (2x) - geen ander voorbeelde van historiese vokaalwisseling nie²⁹⁸.

Grietje van Pas (Meurant?) het in haar briewe van 1850 die gelykgeskakelde v.dwe. afgekyk (2x), waggery, opgedrink, afgekom en gekry, teenoor geskreve, aangenome (d.w.s. tot kerklidmaat) en gevlochte²⁹⁹.

'n Samespraak van 1850 het oorwegend gelykgeskakelde vorme: gekom (2x), gery (2x), geschiet (2x), gedoen teenoor gedaan³⁰⁰.

Bezuidenhout (1851) het as gelykgeskakelde v.dwe. geneem (4x), geschiet, gewys, gebly en gekom (4x); met vokaalwisseling geschreef (4x) en gekreeq; met vokaalwisseling en uitgang genomen, gekomen, gekregen, geholpen³⁰¹, maar geen gevalle met vokaalgelykskakeling en uitgangsbehoud nie. Vir Scholtz is dit dan ook "waarskynlik dat hy die vokaalwisseling in sommige werkwoorde nog in sy spreektaal geken het", terwyl hy egter ook uit die gegewens wil aflei dat Bezuidenhout "in sy spreektaal selde of nooit voltooide deelwoorde van sterk werkwoorde met die uitgang gebruik het nie"³⁰².

In die briewe van "A. van ***" (1854) vind ons die vlg. gelykskakelings: gerit, (aan/op-)gehou (4x), gestry, getrek, uitgetrekt, bederf, getref, gespreek, gesteel (2x) en opgekom. Met vokaalwisseling en uitgang is daar nog gekomen, gekregen, gedronken, uitgekeken; sonder vokaalwisseling is daar afgeschieten en sonder uitgang begon³⁰³.

'n Brief van 1858 het net die gelykgeskakelde vorme gekom, gesteel en geskryf³⁰⁴.

Uit die tekste van die Franssprekendes (eerste helfte, 18e eeu) wat deur Pfeiffer ondersoek is, teken hy, teenoor 24 gevalle van volledige gelykskakeling, ongeveer 99 gevalle aan van nog volledig onreëlmatige v.dwe., 107 gevalle met uitgangsverlies en 24 gevalle met vokaalgelykskakeling³⁰⁵.

Die volgende waarnemings kan aan die hand van bost. gegewens gedoen word:

- 1) Daar is 'n paar tekste wat slegs gelykgeskakelde vorme vertoon, t.w. die Lied in 1795, die koerantbrief van 1845, die Windvogel-Gedult-samespraak van 1846 en die brief van 1858. Omdat dit in dié gevalle telkens om kort tekste en slegs enkele voorbeelde gaan, is daar nie veel uit af te lei nie.

- 2) 'n Tweede kategorie tekste, t.w. dié van Trigardt, Boniface en Meurant, asook op kleiner skaal Bezuidenhout, "Grietje van Pas" en "A. van ***" het sowel gevalle met vokaalwisseling én uitgang (by Trigardt selfs 'n baie groot getal) as volledig gelykgeskakelde gevalle.
- 3) Die tipe met vokaalwisseling maar sonder uitgang kom in beduidende getalle slegs by Boniface en Bezuidenhout voor, albei in die groep wat onder 2) hierbo genoem is. (Ook A. Josef, met enkele v.dwe., pas miskien in dié patroon). Dit lyk dus asof hierdie tipe 'n "brug" slaan tussen die nog volledig onreëlmatiges, enersyds, en die gelykgeskakeldes, andersyds, by dié skrywers.
- 4) Dit is opmerklik dat bg. tipe tussenstadium by 'n vergelykbare skrywer, Meurant, heeltemal ontbreek: tussen volledig onreëlmatig en volledig reëlmatig het hy slegs twee gevalle met die uitgang maar sonder vokaalwisseling. Die brief van "Verdrukte Grikwa" toon weer samehang met lg. patroon.
- 5) Slegs Platje Wysneus en "A. van ***" het voorbeelde - al is dit net 'n enkele - van al vier tipes v.dwe.
- 6) Daar is slegs één teks met volledig onreëlmatige én gelykgeskakelde v.dwe., maar geen vbe. van tussenstadia nie, t.w. die brief van Grietje van Pas. Van die drie onreëlmatiges is een geskrewe, 'n v.dw. waarby hiperkorreksie meermale 'n rol speel, en 'n ander aangenome, uit die kerklike sfeer.

Die gegewens is ook hier oor die algemeen te skaars om veel uit af te lei. Ons kan miskien daarop let dat die tussenstadium met vokaalwisseling maar sonder uitgang eintlik net by twee skrywers (en die Franssprekendes), t.w. Boniface en Bezuidenhout, 'n belangrike omvang aanneem. By albei van hulle oortref die gelykgeskakeldes die volledig onreëlmatiges in getal, sodat dit waarskynlik is dat dié skrywers in hulle spreektaal hoofsaaklik gelykgeskakelde vorme gebruik het. Dit kan ook vir A.

Josef geld. (Die Franssprekendes het wesenlik ook hierdie patroon, ofskoon die aantal gevalle met uitgangsverlies (107) dié met volledige gelykskakeling (24) baie ver oortref.) Gescreef (4x) by Bezuidenhout is, gesien die hiperkorreksie wat al hoërop by hierdie ww. gekonstateer is, 'n vorm wat beswaarlik die gesproke taal sou weerspieël. Dit laat ons met min skrywers by wie hierdie tipe tussenstadium 'n reële spreektaalmoontlikheid is.

Terwyl dit dus enersyds betwyfel moet word dat die tipe met vokaalwisseling en sonder uitgang ooit 'n belangrike rol as tussenstadium gespeel het, moet andersyds daarop gewys word dat ons dit by Boniface se Hottentot-karakters aantref en dan ook (genom en vas gebond) by A. Josef, volgens Smuts "vermoedelik 'n Baster"³⁰⁶. Was hierdie tipe v.d.w. dus miskien beperk tot sekere groepe Afrikaanssprekendes, en tot die Franssprekendes van die eerste helfte van die 18e eeu?

3.7 SAMEVATTING

Die vernaamste probleme wat uit die ondersoeke van Scholtz op hierdie gebied voortspruit³⁰⁷, hang saam met die weg waarlangs die Ndl. onreëlmatige v.d.w. in Afr. reëlmstig geword het: d.m.v. die regstreekse vervanging van 'n onreëlmatige v.d.w. deur 'n reëlmstige of (ook) d.m.v. 'n tussenstadium: indien ook d.m.v. 'n tussenstadium, dan via 'n tipe waar die vokaalwisseling behou word (bv. gestool) of 'n tipe waar die uitgang behou word (bv. gestele). 'n Sekondêre probleem is of gekry via 'n tussenstadium gekree of gekryge ontwikkel het. 'n Verdere belangrike probleem wat hom voordoën, is of die verlies van slot-/ə/ (bv. in gestool) die gevolg is van 'n "fonetiese proses" of nie. Deels omdat Scholtz reeds so ver gegaan het met die analise, deels omdat daar op belangrike punte so min gegewens is, was dit nie moontlik om veel by te voeg nie.

Die aanwesigheid van klankverandering word m.i. deur

Scholtz slegs op prinsipiële gronde, nie op empiriese gronde nie, betwyfel. Die opvatting dat klankverandering ("fonetiese prosesse") nêr meganies-artikulatories werk, moet gewysig word in die lig van nuwere insigte in die wyse waarop morfologiese en ander faktore bepalend kan wees vir hoe en waar 'n klankwet werk. Ofskoon dit waar is dat die aantoonbare invloed van die klankkonteks wys op die bestaan van 'n klankwet, is dit m.i. - omgekeerd - nie nodig vir 'n klankwet om verskillend te reageer in verskillende fonologiese kontekste nie (Scholtz gee egter self 'n voorbeeld van 'n konteks wat 'n rol kon gespeel het).

Tabel 2 (par. 3.5.3) toon skrywersgewys 'n duidelike korrelasie by slot-/ə/-verlies tussen inf. en v.dw., en dit ten spyte van die feit dat na inf. van sterk én swak wwe. gekyk is en die invloed van verskillende grammatiese faktore (2e inf., inf. na te, ens.) nie in ag geneem is nie, terwyl by v.dwe. uiteraard na 'n ander versameling - net die sterk v.dwe. - gekyk is. Dit dui vir my op 'n algemene proses van slot-/ə/-verlies wat inf. en v.dw. gelykelyk tref (en uiteraard ook die pve., waar die proses begin het).

Ofskoon die verhouding, by 'n bepaalde skrywer, tussen uitgangsverlies as sodanig en slot-n-verlies hom nie altyd tot 'n voor-die-handliggende interpretasie leen nie, bly die verskil tussen Oberholster en sy tydgenote (soos deur Smuts ontleed) nog baie opvallend, en kry ons hieruit die indruk dat slot-n-verlies meer op 'n willekeurige spellingsbeslissing van die skrywer berus as wat met uitgangsverlies as sodanig die geval is.

Wat betref die weg tot reëlmatigheid: indien ons (vgl. par. 3.6) na byna al die beskikbare gegewens kyk, is daar 'n duidelike verskil te sien tussen die wyse waarop /əi - e:/-wwe. en ander wwe. met vokaalwisseling se v.dwe. reëlmatig geword het, en kan ons aflei dat die /əi - e:/-tipe vokalties reëlmatig geword het vóór die ander, sonder om nog iets te sê oor die "wyse waarop". Hiperkorreksie van die vokaal by /əi - e:/ en nêrens

anders, steun hierdie opvatting. Of dit 'n kontras is tussen v.dwe. met voorvokaal en v.dwe. met agtervokaal, of tussen wwe. sonder en met voor/agter-kontras of pve./infe. met of sonder diftong, is as gevolg van die skrapshheid van gegewens nie verder uit te maak nie.

Buite moontlike fonetiese en ander gelykskakelingsprosesse om het ek bloot op grond van ander onreëlmatighede in die stam, ens., probeer aantoon dat die v.dw., in die skryftaal ten minste, meer konserwatief is as die pv./inf. (vgl. par. 3.4). Dit kon op grond van die beskikbare gegewens en a.g.v. die beperkings van die benadering, nie aangetoon word nie.

Volledige gelykskakeling (met die uitsondering van ge-) van die v.dw. met die pv./inf. is skrywersgewys ter sprake gebring in par. 3.7.2. Daar is gewys op 'n aantal tekste (of TKe) wat elkeen 'n aantal volledige gelykskakelings vertoon. Interessanter is dié tekste wat daarbenewens vorms in 'n tussenstadium of volledig onreëlmatige vorms vertoon. Aangesien geen TK bekend is waar die tussenstadium met vokaalwisseling maar sonder uitgang goed verteenwoordig is en volledige gelykskakeling glad nie, is dit hier opvallend dat genoemde tussenstadium slegs voorkom in TKe wat ook heelwat gelykgeskakelde vorme bevat. Omgekeerd impliseer die aanwesigheid van volledig gelykgeskakelde v.dwe. - selfs indien die TK ook nog 'n aantal volledig onreëlmatige vorme bevat - nie noodwendig hierdie tussenstadium nie. Die tussenstadium van die tipe gestool was m.i. òf beperk tot sekere groepe, òf onbelangrik in die spreektaal. Uitgangsverlies is by die Franstaliges besonder sterk (resp. vroeg), sodat naas die tipe gekrijgen, die tipe gekreegt daar ook goed verteenwoordig is. Die waarskynlike historiese volgorde van die veranderings is dus:

1. /e:/ → /əi/ in v.dwe. met /əi/ in die pres./inf.
2. uitgangsverlies
3. vokaalgelykskakeling by die ander sterk v.dwe. gelyktydig met 2. of kort daarop, behalwe miskien in sekere groepe.

Terwyl daar oor die algemeen tog aanduidings is van die bestaan van tussenstadiums in die gelykskakelingsproses, veral by /əi - e:/-wwe., stel is gegewens ons nie in staat om van 'n gegewe taalgebruiker te sê dat sy sterk v.dwe. deur tussenstadiums en van 'n ander dat syne deur volledige gelykskakeling gekenmerk is nie of dat daar so 'n verskil tussen individuele taalgebruikers of selfs tussen groepe bestaan het nie. Dit is egter goed moontlik dat 'n gegewe Afr. v.dw., bv. gekry, langs meer as een weg sy huidige vorm verkry het.

Enkele v.dwe. en verskynsels is afsonderlik behandel in par. 3.4.1. Ek het veral daarop gewys dat die inf. kommen en die v.dw. gekommen so dikwels in die ou tekste voorkom dat mod. Afr. gekom ook hieruit kon ontwikkel het en nie noodwendig (uitsluitli'k) 'n resultaat is van ge + stam van pres. ekv. nie. Dit is verder ook waarskynliker dat gekry via gekryge eerder as gekreë uit gekrege ontwikkel het, d.w.s. dat die /e:/ → /əi/-gelykskakeling die intervokaliëse /x/-verlies by hierdie v.dw. voorafgegaan het.

3.8 VERGELYKING VAN SLOT-/t/- EN -/ə/-VERLIES EN TEORETIESE BESKOUIING

Aan die einde van twee hoofstukke oor vormverandering by die v.dw. en voordat oorgegaan word na die b.v.dw., is 'n kort vergelyking (vgl. ook par. 7.4 hieronder) tussen slot-/t/- en -/ə/-verlies as verwante prosesse gepas, asook 'n kort beskouing om sommige bevindings in 'n meer teoretiese perspektief te stel en as heenwysing na die volgende hoofstuk te dien.

3.8.1 Vergelyking van slot-/t/- en -/ə/-verlies

Wat slot-/t/ betref, is verlies by die pv., v.dw. en nie-wwe. (veral s.nw. en byw.) na stemlose klank, en verlies by die pv. en v.dw. na stemhebbende klank met mekaar vergelyk en as algemene patroon (met variante by verskil-

lende skrywers) gevind: die meeste verlies by pv SL, min verlies by vdw SH, en op 'n vlak wat ruweg tussenin lê, ongeveer ewe veel verlies by vdw SL, nww SL en pv SH. Hiervan kon ons aflei dat verlies by die v.d.w. saamval met fonologiese verlies elders, terwyl daar by die pv. 'n bykomende nie-fonologiese faktor is wat slot-/t/-verlies bevorder (vgl. par. 2.4.5.1.3). Kyk ons diachronies na ons TKe (vgl. par. 2.4.5.2.2), dan lyk dit asof 'n nie-fonologiese faktor ook by die v.d.w. geleidelik 'n rol begin speel en die v.d.w. onderskei van nie-wwe. Die konsekwentheid waarmee genoemde faktore in verskillende TKe - groot sowel as klein - 'n rol speel, is opvallend, ondanks die feit dat totale slot-/t/-verlies in TKe baie wissel en nie met die chronologie korreleer nie; slegs die toename van verlies by die vdw SH toon 'n chronologiese korrelasie (vgl. par. 2.4.5.2.1).

Hoe vergelyk slot-/ə/-verlies hiermee? Die kategorieë wat met die v.d.w. vergelykbaar was, was pv. (mv.) en inf. (vgl. par. 3.4.3). Slot-/ə/-verlies by die pv. korreleer ruweg met slot-/t/-verlies by die pv SL en pv SH gesamentlik (vgl. par. 7.4 hieronder). Daar is oor die algemeen 'n duidelike verskil tussen die pv. - wat ook hier die voorloper is - enersyds, en die inf. en v.d.w., andersyds, sodat /ə/-verlies, soos /t/-verlies, by die v.d.w. met dié by ander woordsoorte saamval, ofskoon daar in sommige TKe meer /ə/-verlies by die v.d.w. as by die inf. is, vgl. (B) (= Barbier e.a., met selfs meer verlies as by die pv., sodat dié TK duidelik 'n afwykende patroon vertoon), (12) en (17). Terwyl die reëlmatigheid van die patroon pv. > inf., v.d.w. ook hier 'n klankwet suggereer (vgl. die kleinere graad van reëlmatigheid by slot-/n/-verlies, waar dit bloot om 'n spellingkonvensie gaan), is die uiterstes by die v.d.w. so groot - alle TKe het òf minder as 10% òf meer as 45% verlies - dat veral by vroeëre TKe skryftaalkonserwatisme moontlik 'n groot rol in /ə/-behoud speel. Maar andersyds val dit op dat ons veral by die v.d.w. (soos by vdw SH op slot-/t/) 'n redelike korrelasie tussen toename in slot-/ə/-verlies en chronologiese opeenvolging van TKe aantref.

3.8.2 'n Skaal van woordsoorte

Aan die einde van par. 3.5, wat gehandel het oor die sistematiese verlies van die /ə/-uitgang, is die moontlikheid geopper van 'n "skaal van woord- (en werkwoord-) soorte wat strek vanaf die s.nw. tot by die pv." (vgl. par. 3.4.5). Die bestaan van so 'n skaal sou moontlik kan verklaar waarom slot-/ə/-verlies in Afr. nie alle woordsoorte in dieselfde mate geraak het nie. Wat bv. buite die ww.-stelsel ook nog verklaar moet word, is, in die woorde van E.H. Raidt, "waarom die vormverskil by attributiewe en predikatiewe gebruik van die adjektief in Afrikaans nie oral verdwyn het nie, soos in Engels ..." ³⁰⁸. Ek wil vervolgens wys op 'n woordsoortemodel wat deur Ross ontwikkel is en wat, ofskoon dit nog lank nie volledig uitgewerk is of begryp word nie, tog 'n raamwerk bied waarbinne 'n hele aantal probleme rondom die ontwikkeling van die Afr. ww.-stelsel - en dus ook van die v.dw. - tuisgebring kan word.

Ross beweer dat uwe., b.nwe. en s.nwe. tradisioneel duidelik van mekaar afgeskei word, en stel in die plek daarvan 'n "quasi-continuum" voor (wat hy ook as 'n hiërargie, 'n "category space", 'n "squish" beskryf) met ten minste die volgende kategorieë, in dié volgorde:

Verb > Present participle > Perfect participle >
Passive participle > Adjective > Preposition (?)
> "adjectival noun" (e.g. fun, snap) > Noun ³⁰⁹.

Hy lê hom in sy bewysvoering veral op die hoofkategorieë, nl. ww., b.nw. en s.nw., toe, en probeer veral aantoon dat 'n aantal grammatiese prosesse - o.m. skrappingsprosesse - die beste op uwe. werk, minder goed op b.nwe. en die swakste (of glad nie) op s.nwe. ³¹⁰. "Fact deletion" is bv. wel moontlik na 'n ww. soos regret (I regret the fact that ...) en na 'n b.nw. soos aware (I am aware of the fact that ...), maar nie na 'n s.nw. soos surprise (Tom's surprise at the fact that ...) nie ³¹¹. Dat hy hier nie 'n verskil kan aantoon tussen die gedrag

van wwe. en b.nwe. nie³¹², is tekenend van die algemene vaagheid van sy bewysvoering.

Hy wys verder o.m. daarop dat -ing toegevoeg kan word tot alle Eng. wwe., en dat baie b.nwe. (vgl. surprising) daardeur gevorm kan word, maar relatief min s.nwe. (vgl. sailing, housing, ens.)³¹³. Hier is 'n verskil in produktiwiteit tussen die drie kategorieë skynbaar wel aantoonbaar.

Een geval bly egter onverklaarbaar vir Ross, nl. waarom - met behoud van die hiërargie - dit juis die s.nw. is wat die beste reageer en die ww. die swakste³¹⁴. Sy hantering hiervan wek die indruk dat die bestaan van 'n woordsoorteskaal wel aangetoon kan word, maar nog nie begryp word nie.

Lyons wys uit 'n historiese oogpunt daarop dat die driedeling van s.nwe. (nouns), wwe. en b.nwe. in afsonderlike woordsoorte eers betreklik laat (nl. in die Middeleeue) tot stand gekom het. Vir Plato en Aristoteles en die logici was die b.nwe. 'n onderafdeling van die wwe.: albei kan bv. prediseer; werklike verskille tussen hulle is, daarenteen, van 'n relatief oppervlakkige aard³¹⁵. 'n Moderne poging om hulle in een leksikale kategorie saam te snoer, vind ons o.m. by Lakoff³¹⁶. Vir die Alexandrieërs en hulle opvolgere was b.nwe. weer 'n onderafdeling van die naamwoorde, volgens Lyons a.g.v. die ooreenstemmende fleksie, dus eintlik 'n oppervlaktestruktuur-kwessie³¹⁷.

In die kader van Ross se skaalteorie is dit hier van belang dat terwyl daar al groeperings was soos b.nw.-ww. en b.nw.-s.nw., daar nooit sover my bekend probeer is om ww. en s.nw. - die uiteindes van die skaal - saam te groepeer nie. Dit is nl. moontlik om die ww., en veral die pv., enersyds, en die s.nw., andersyds, te beskou as die kerne van twee basiese, komplementêre, sinsfunksies: die vernaamste verbandleggende groep, nl. die ww.-groep, enersyds, en die vernaamste tipe groep waarmee verbande gelê word, nl. die naamwoordstuk, andersyds. Die pv. ondergaan kongruensie - d.w.s. formele verbandlegging na buite - in baie Indo-Europese tale. Die s.nw. is

weer die kern van die (endosentriese) naamwoordstuk. Vanaf die ww. (wat dikwels 'n handeling uitdruk) loop daar 'n semantiese lyn deur die v.dwe. in verskillende gebruikstipes na die b.nw.: van handeling na resultaat, van resultaat na kwaliteit. Of hierdie lyn ook deurgetrekk kan word na die s.nw., is egter 'n ope vraag.

Ook sintakties kan 'n mens hierdie lyn deurtrek, deur verwante konstruksies naasmekaar te stel:

Hulle druk die boek.

Hulle het die boek gedruk (met v.dw.)

Die boek is gedruk (agens weglaatbaar)

Die boek is gedruk (met byvoeglike interpretasie)

die boek, gedruk en gebind (verbale element opsioneel afwesig)

die gedrukte boek (verbale element verpligtend afwesig)

Die rol van die pv. as verbandlegger neem af; die s.nw. word die nuwe kern.

Ook morfologies kan daar 'n lyn deurgetrek word, van ww. na s.nw., deur toevoeging van morfologiese elemente: aanhou, aangehou, aangehoude, aangehoudene.

Die volgende verskynsels kan moontlik met so 'n woordsoorteskaal in verband gebring word:

- (a) Die swak v.dw. word in 'n meer konserwatiewe vorm of 'n vorm nader aan Nd1. geskryf as die pv./inf., sodat ons bv. geseg naas seg/sê in 'n teks aantref, maar nie gesey/gecê naas seg nie (vgl. par. 2.3.3 hierbo). (Hierdie verskil vind ons egter nie by die sterk v.dw. nie - vgl. par. 3.3.2 hierbo).
- (b) Daar is meer slot-/t/-verlies by die pv. as by die v.dw. (vgl. parr. 2.4.4.2 en 2.4.5.1.2 hierbo). Hierby moet egter opgemerk word dat die verskil tussen die v.dw. en s.nw. (na stemlose konsonant) - anders as wat die skaalteorie voorspel - gering is, ofskoon sommige TKe wel meer verlies by die v.dw. as nie-ww. getoon het.

- (c) Daar is meer slot-/ə/-verlies by die pv. as by die inf./v.dw. (vgl. par. 3.4 hierbo).
- (d) As ons na die proses van slot-/ə/-verlies in sy geheel kyk, is dit opvallend dat die proses (i) hom vandag byna end-uit voltrek het by werkwoordsvorme, (ii) hom slegs gedeeltelik voltrek het by die b.nw.³¹⁸ en (iii) geen rol gespeel het by die s.nw., ekv. (vgl. vreugde) nie, terwyl dit juis in die geval van (ii) en (iii) moeilik is om 'n funksie vir die slot-/ə/ aan te wys.

Vooruitsiende na hoofstukke 4-6 hieronder, kan ek ook op die volgende wys:

- (e) Werkwoordelike v.dwe. het as groep regularisering ondergaan voor byvoeglike v.dwe.
- (f) 'n Prenominale b.v.dw. - d.w.s. een wat sintakties relatief nou aansluit by die s.nw. - is dikwels meer konserwatief van vorm as sy postnominale eweknie, ten spyte van gelykheid in betekenis.
- (g) Genominaliseerde sterk b.v.dwe., soos gebrokene, is meer konsekwent ongereg. as ongenominaliseerdes.
- (h) Die sterk b.v.dw. is as voorsetsel, bv. uitgenome, uitgeslote - ook prenominaal, dus, en vgl. die posisie van voorsetsel relatief tot v.dw. in Ross se "squish" hoërop - baie dikwels onreëlmatig.

Dit lyk dus asof defleksiereëls in hulle toepassing op die pv. op hulle produktiefste is en asof die s.nw. 'n soort verstarde, konserwatiewe kern is, met allerlei graadverskille - waarin o.m. die v.dw. hom bevind - tussenin. In die volgende hoofstuk kom ek op die skaal-hipotese terug.

Note by hoofstuk 3

1. Scholtz (1963) en (1972), en minder tematies in (1965).
2. Smuts (1943), (1960) en (1968).
3. Soos blyk uit Scholtz (1963) - elders word hoofsaaklik voorbeelde gegee.
4. Scholtz (1963), bl. 33.
5. Ibid., bl. 34.
6. Ibid., bl. 35.
7. Ibid.
8. Ibid.
9. Ibid., bl. 36.
10. Ibid.
11. Smuts (1968), bl. 31.
12. Ibid., bl. 34.
13. MOOC 14/213.
14. CJ 1067 no. 49.
15. Franken (1938), bl. 349.
16. KT no. 243.
17. KT no. 234.
18. Pfeiffer (1976I), bl. 107.
19. Changuion (1848) bl. 96n3.
20. Verdam (1964).
21. Vgl. Raidt (1976), bl. 66.
22. Vgl. Koelmans (1977), bl. 31.
23. St. 5/7 - Van Dordt wys daarop dat hy reeds 22 jr. in die land is.
24. MOOC 3/3 = KT no. 289, 'n brief met spore van Duits.
25. Pfeiffer (1976I), bl. 107.
26. MOOC 3/14; vlg. Van Dordt 3e of 4e geslag.
27. CJ 999.
28. CJ 1118, no. 384-6.
29. CJ 1115, no. 375.
30. Pfeiffer (1976I), bl. 96.
31. MOOC 3/9.
32. MOOC 14/213.
33. CJ 1092 nos. 224 en 226.
34. CJ 380, bl. 194.
35. CJ 408.
36. CJ 410 no. 74.
37. CJ 3639, bl. 595-6.
38. KT no. 303.
39. MOOC 8/17.
40. CJ 1120 no. 513.
41. KT no. 101.
42. Nienaber (1971), bl. 26.
43. Ibid., bl. 204.
44. KT no. 237.
45. Nienaber (1971), bl. 47-50.
46. Ibid., bl. 52.
47. Smuts (1960), bl. 2-3.
48. Nienaber (1971), bl. 112-21.
49. Ibid., bl. 123.
50. Ibid., bl. 168-9.
51. Ibid., bl. 178.
52. Ibid., bl. 185.
53. Ibid., bl. 195.
54. Vgl. ook Scholtz (1963), bl. 37.
55. KT no. 12.
56. Nienaber (1971), bl. 112-21.
57. Smuts (1968), bl. 31.
58. Nienaber (1971), bl. 168-9.
59. Ibid., bl. 206, 208, 210 en 211.
60. Smuts (1968), bl. 31.
61. Nienaber (1942), bl. XXII.
62. Nienaber (1971), bl. 57.
63. Scholtz (1963), bl. 31 en (1965), bl. 88.
64. Vgl. Blau (1970), bl. 15-6.
65. Nienaber (1971), bl. 163.
66. Ibid., bl. 193-4.
67. Nienaber, G.S. (1942), bl. 11.
68. Vgl. vir die klankvorm ook gegeew en die inf. ge(e)uw (2x), ers., by Boniface, Nienaber (1971), bl. 37 en 41 - vir Scholtz is die uitspraak hiervan "moeilik vas te stel", Scholtz (1965), bl. 84-6.
69. Scholtz (1965), bl. 39.
70. Vgl. ook De Lima se "leewestaert en leekop", Nienaber (1971), bl. 20.
71. Ibid., bl. 91.
72. Ibid., bl. 89.
73. Pfeiffer (1976I), bl. 107.
74. CJ 672, bl. 33-4.
75. Smuts (1968), bl. 31.
76. KT no. 275 en vgl. Changuion (1848), bl. 115 vir soortgelyke imperfecta.
77. Nienaber (1971), bl. 42.

78. Ibid., bl. 52.
79. Ibid., bl. 106.
80. Ibid., bl. 140.
81. Ibid., bl. 153.
82. Ibid., bl. 155-6.
83. Smuts (1968), bl. 31.
84. Smuts (1960), bl. 1-2.
85. Franken (1938), bl. 107.
Vgl. in Negerhollands die
inf. in "Hangman no sa
verloor sie Regt", Hesse-
ling (1905), bl. 137.
86. St. 5/20.
87. Scholtz (1972), bl. 22.
88. MOOC 12/35.
89. KT no. 193.
90. Changuion (1848), bl. 113.
91. Pfeiffer (1976I), bl. 107.
92. CJ 1044, bl. 10.
93. Nienaber (1971), bl. 47.
94. Ibid., bl. 56-7.
95. Ibid., bl. 140.
96. Vgl. Scholtz (1963), bl. 207.
97. Nienaber (1971), bl. 112.
98. Vgl. Scholtz (1963), bl. 169v.
99. KT nos. 186 en 220.
100. CJ 399.
101. CJ 408.
102. KT no. 228.
103. MOOC 14/213.
104. KT no. 4.
105. KT no. 164.
106. KT no. 170.
107. KT no. 262.
108. KT no. 266.
109. St. 5/17.
110. CJ 1089 no. 53.
111. Changuion (1848) bl. 118.
112. CJ 1092, nos. 224 en 226.
113. CJ 999.
114. CJ 408.
115. CJ 1118 no. 384-6.
116. KT no. 164.
117. KT no. 173.
118. KT no. 217 en 243.
119. KT nos. 208, 220 en 266.
120. KT nos. 209, 223, 224, 228,
234 en 245.
121. KT nos. 212, 218 en 257.
122. KT nos. 265 en 287.
123. Nienaber (1971), bl. 47-50.
124. Ibid., bl. 52.
125. Ibid., bl. 56-7.
126. Vgl. Smuts (1968), bl. 3.
127. Ibid., bl. 31.
128. Ibid., bl. 42; Franken
(1937), bl. 46.
129. Scholtz (1965), bl. 86.
130. Smuts (1960), bl. 2-3.
131. Scholtz (1965), bl. 33,
37 en 40.
132. Nienaber (1971), bl.
112-21.
133. Ibid., bl. 118.
134. Ibid., bl. 123-4.
135. Ibid., bl. 162-3 en 165-6.
136. Ibid., bl. 168-9.
137. Ibid., bl. 171-4.
138. Scholtz (1965), bl. 14,
18-9.
139. Nienaber (1971), bl.
181-7.
140. Van Haeringen (1962d).
141. Ibid., bl. 167.
142. Ibid., bl. 167-70.
143. Ibid., bl. 168 v.
144. Scholtz (1963), bl. 17.
145. Ibid., bl. 35.
146. Anttila (1972), bl. 77-8.
147. Ibid., bl. 79.
148. Vgl. Raidt (1968).
149. Vgl. ook Anderson (1973)
en King (1969), hfst. 5.
150. Kiparsky (1972), bl.
196-7.
151. Ibid., bl. 198-9.
152. Ibid., bl. 206.
153. Ibid., bl. 206 v.
154. Vgl. hier o.m. Scholtz
en Verhage (1963).
155. Scholtz (1963), bl. 20-1.
156. Scholtz (1972), bl. 15-6.
157. Ibid., bl. 17-8.
158. Scholtz (1963), bl. 28-9.
159. Scholtz (1972), bl. 21.
160. Scholtz (1963), bl. 35.
161. Ibid., bl. 34.
162. Ibid., bl. 33.
163. Scholtz (1972), bl. 25-7.
164. Ibid., bl. 28.
165. Pfeiffer (1976I).
166. TK (B) - die Franstali-
ges - is hier nie 'n
"tekstkompleks" soos in
hfst. 2 gedefinieer nie;
ofskoon die gegewens
hoofsaaklik tekste van
een persoon, t.w. E.
Barbier, weerspieël,
sluit dit ook gegewens
uit tekste van ander
Franstaliges in.
167. Vgl. vir die b.nw. Raidt
(1968).

168. Pfeiffer (1976I), bl. 82-3, 89-90.
169. Ibid., bl. 95-9.
170. Ibid., bl. 106-8. Die enkele vb. is die kontaminasievorm geleeste.
171. Die gegewens berus op 'n steekproef, nl. Mossop (1935), bl. 20-32.
172. Greyling se brief KT no. 167 het meestal vorme sonder -n, in teenstelling met sy ander briewe waar die -n meestal toegevoeg word.
173. Nie beskikbaar nie.
174. Smuts meld dat "alleen Pretorius ... die uitgang in die reël -en (skryf), terwyl die ander willekeurig -e of -en skryf", Smuts (1968), bl. 18.
175. Nienaber (1971), bl. 37-42, 77-8 en 86, en Franken (1937), bl. 36-50.
176. Scholtz kry hier 57/57, Scholtz (1965), bl. 83.
177. " " " 58/156, " " " 87.
178. " " " 70/91, " " " 87.
179. " " " 35/49, " " " 86.
180. Nienaber (1971), bl. 93-4, 96-7, 144-5, 149-50, 155-6. My syfers verskil hier in sommige opsigte van Scholtz s'n, waarskynlik omdat nie presies dieselfde versameling vermeende Meurant-tekste as grondslag geneem is of dieselfde soorte ww. betrek is nie. Wat die pv. betref, sê Scholtz dat "by meervoudige onderwerpe ... die ww. feitlik konsekwent in die enkelvoud (staan)", Scholtz (1965), bl. 37. I.v.m. die inf. sê hy: "Byna 80% van die talryke infinitiewe ... het geen uitgang nie. Vorms op -en is seldsaam", Ibid., bl. 40. Die v.d.w. kom sonder uitgang "byna 40 keer" voor, te oordeel na die vbe.: 13 maal op -e en 4 maal op -en - Ibid., bl. 39 - dus 17/57 uitgangsverlies en 13/17 n-verlies.
181. Van Oordt merk by 'n brief van P.A. Opperman in die KT (no. 257, 1816) op dat "die werkwoord ... deurgaans (13 maal) in die enkelvoudige vorm by meervoudige onderwerpe (staan)" terwyl "die infinitiewe ... weer suiwer Nederlands (is) behalwe in 5 gevalle uit 8 waar hy laad/laate gebruik".
182. Vgl. Smuts (1968), bl. 3.
183. Smuts (1968), bl. 2.
184. Nienaber (1971), bl. 14.
185. Vgl. o.m. Anttila (1972), bl. 202.
186. Vgl. Scholtz (1963), bl. 17.
187. Ibid., bl. 35.
188. Gevalle waar e(n) deur t vervang is, bv. gekreegt, word hier en hieronder as uitgangloos gereken.
189. Scholtz (1963), bl. 35.
190. Vgl. Pfeiffer (1976I), bl. 180.
191. CJ 389 tnr. 1032.
192. Franken (1937), bl. 42.
193. Nienaber (1971), bl. 183.
194. Smuts (1960), bl. 4.
195. Nienaber (1971), bl. 37 v.
196. Smuts (1960), bl. 3.
197. Nienaber (1971), bl. 38.
198. Ibid., bl. 42.

199. Ibid., bl. 106.
200. KT no. 71.
201. KT no. 120a.
202. Smuts (1968), bl. 31.
203. KT no. 219.
204. KT no. 240.
205. Nienaber (1971), bl. 182.
206. Ibid., bl. 36v.
207. KT no. 88.
208. TA bl. 257.
209. Nienaber (1971), bl. 216.
210. Smuts (1968), bl. 31.
211. KT no. 170.
212. KT no. 46.
213. TA bl. 310.
214. Smuts (1968), bl. 31.
215. Nienaber (1971), bl. 40.
216. CJ 334, 0181.
217. CJ 329, bl. 411, no. 68.
218. Smuts (1968), bl. 31.
219. Nienaber (1971), bl. 63.
220. Smuts (1968), bl. 31.
221. CJ 1044, bl. 10.
222. KT no. 202.
223. KT no. 259.
224. KT no. 286.
225. Nienaber (1971), bl. 47.
226. Ibid., bl. 56-7.
227. Ibid., bl. 140.
228. Ibid., bl. 171 v.
229. MOOC 14/213.
230. KT no. 4.
231. KT no. 164.
232. KT no. 170.
233. KT no. 186.
234. KT no. 220.
235. KT no. 262.
236. KT no. 266.
237. CJ 1092, nos. 224 en 226.
238. CJ 1073 no. 42.
239. KT no. 254.
240. KT no. 259.
241. Nienaber (1971), bl. 48.
242. Ibid., bl. 52.
243. Ibid., bl. 155.
244. Smuts (1968), bl. 31.
245. Nienaber (1971), bl. 171 v.
246. CJ 335.
247. CJ 344.
248. Nienaber (1971), bl. 47 v.
249. CJ 335.
250. CJ 337, 328 en 0328.
251. CJ 3637, bl. 592.
252. Smuts (1968) bl. 31.
253. TA bl. 189.
254. St. 11/48.

255. MOOC 3/5 geval 56.
256. CJ 1106.
257. CJ 672 bl. 33-4.
258. CJ 1112 no. 290.
259. CJ 3635 bl. 221.
260. KT no. 255.
261. KT no. 260.
262. KT no. 274.
263. KT no. 170.
264. Nienaber (1971), bl. 49.
265. Van den Berg (1972, bl. 20) haal 't Hart aan wat mod. Ndl. ei (en vermoedelik ook ij - Van den Berg gebruik dieselfde transkripsieteken vir albei) op grond van segmentasieproewe beskou as die e van pst gevolg deur beweging in die rigting van die ie van niet - dus 'n stygende diftong. Die mod. Ndl. lang ee is vir die Afr. oor, indien daar verandering in artikulasieposisie is, eerder stygend as dalend, en benader in die "volkstaal" die Afr. [ai]. Andersyds was die ij - veral in sekere dele van Nederland - moontlik nog meer monoftongies ten tye van die volksplanting as vandag. Volgens Ten Kate (1723, bl. 147) kom "onze y of IJ" ooreen "met der Fransen I in Vin". Volgens Crena de Iongh (1959, bl. 43) vertoon Van Santen se teks nog geen spore van diftongering nie, al moet daar al gereken word met 'n verskuiwing in dié rigting en is daar veral na 1630 spore van diftongering in die volkstaal. Vgl. hier ook die studie van Caron, nl. Caron (1972), bl. 104 v. Op grond van die feit dat /ai/ en /e:/ vandag nog in Afr. goed uitmekaar gehou word, moet egter aangeneem word dat hulle in ons taalgeskiedenis altyd onderskeie was.
266. Scholtz (1963) wys daarop dat die v.dwe. van schieten en trekken reëlmatig kon wees in 17e-eeuse Ndl. (bl. 33).
267. Pfeiffer (1976I), bl. 108.
268. Nienaber (1971), bl. 54.
269. Smuts (1960), bl. 3.
270. Nienaber (1971), bl. 103.
271. Ibid., bl. 121.
272. Ibid., bl. 202, 206, 211 en 219.
273. Ibid., bl. 162.
274. Ibid., bl. 212, 214.
275. Franken (1937), bl. 42.
276. Nienaber (1971), bl. 69.
277. Ibid., bl. 100.
278. Ibid., bl. 141.
279. Ibid., bl. 156.
280. Ibid., bl. 209, 216-7.
281. Ibid., bl. 39.
282. Smuts (1968), bl. 30.
283. Pfeiffer (1976I), bl. 108.
284. TA., bl. 146.
285. Nienaber (1971), bl. 172.
286. Ibid., bl. 2.
287. Ibid., bl. 47-50.
288. Ibid., bl. 52.
289. Smuts (1968), bl. 30-1.

290. Ibid., bl. 31.
291. Smuts (1960), bl. 2-3.
292. Scholtz (1965), bl. 86.
293. Scholtz vind hierdie tipe by Boniface "opvallend", Ibid.,
bl. 86 noot 28.
294. Ibid., bl. 39.
295. Nienaber (1971), bl. 100-1.
296. Ibid., bl. 112-21.
297. Moontlik deur Scholtz ook by Meurant geanaliseer.
298. Ibid., bl. 123-4.
299. Ibid., bl. 162-3 en 165-6.
300. Ibid., bl. 168-9.
301. Scholtz (1965), bl. 18-9.
302. Ibid., bl. 19.
303. Nienaber (1971), bl. 181-7.
304. Ibid., bl. 195.
305. Pheiffer (1976I), bl. 107-8.
306. Smuts (1960), bl. 1.
307. Vgl. veral Scholtz (1963), bl. 34-6.
308. Raidt (1968), bl. 184.
309. Ross (1972), bl. 316.
310. Ibid., bl. 317.
311. Ibid., bl. 320.
312. Ibid., noot 7.
313. Ibid., bl. 320.
314. Ibid., bl. 317.
315. Lyons (1969), bl. 323-4.
316. Lakoff (1970), bl. 115 v.
317. Lyons (1969), bl. 323-4.
318. Vgl. Raidt (1968) en par. 3.4.1 hierbo.

HOOFSTUK 4: VORMALTERNANSIE BY DIE STERK EN SWAK BYVOEGLIKE V.DW. IN DIE PERIDDE 1925-1978: SISTEEM EN GEBRUIKSFEER

4.1 INDELING EN VRAAGSTELLING

In voorgaande hoofstukke het die klem op die vormontwikkeling van die werkwoordelik gebruikte v.dw. (afgekort "ww.v.dw.") geval; ons kyk vervolgens na die byvoeglike v.dw. (afgekort "b.v.dw."), neem as uitgangspunt die tydperk 1925-1978, en gaan daarna die aanloop tot die situasie soos ons dit vandag ken, in vroeër tydperke na. In hierdie hoofstuk word agtereenvolgens behandel: die sisteem en gebruiksfeer van die teenstelling "ongeregulariseerd"/"geregulariseerd" (afgekort as "ongereg." en "gereg.", onderskeidelik) by die sterk b.v.dw.¹ (par. 4.1), en van die teenstelling "met /t/-uitgang"/"sonder/t/-uitgang" by die reëlmatige swak b.v.dw. en die teenstelling ongereg./gereg. by die onreëlmatige swak b.v.dw. (par. 4.2). 'n Samevatting van die resultate van albei paragrawe volg in par. 4.3

Vrae wat in verband met die b.v.dw. in Afr. gestel kan word en wat in hierdie hoofstuk aan die orde kom, is o.m. die volgende:

- (a) In hoeverre word die vormwisseling deur semantiese faktore soos "letterlik" en "figuurlik" bepaal?
- (b) Deur watter ander faktore, bv. sintakties of morfologies, word die vormwisseling bepaal?
- (c) Is die taalgebruiksfeer waarin 'n b.v.dw. voorkom 'n faktor wat vormwisseling bepaal?
- (d) In hoeverre is sterk en swak b.v.dwe. aan dieselfde stel vormbepalende faktore onderhewig?
- (e) Watter verandering het daar in die tydperk 1925-1978 in die verhouding ongereg./gereg. gekom? (LW: Die materiaalversameling was meer daarop gerig om 'n sinchroniese as 'n diachroniese beeld van die vormwisseling in hierdie tydperk te gee).

4.2 DIE STERK BYVOEGLIKE V.DW.

Die algemene indeling van par. 4.2 is soos volg: In die inleiding, par. 4.2.1, word eerstens gekyk na enkele verwysings na die sterk b.v.dw. in Afr., en dan (kortliks) na enkele analyses van verwante verskynsels in Eng. en Ndl. Voorbeelde van sterk b.v.dwe. (en 'n hele aantal gevalle wat tot b.nwe. gereleksifiseer is) wat sistematies uit 'n aantal bronne opgeteken is, aangevul deur voorbeelde uit Hauptfleisch (1953) en 'n aantal losstaande voorbeelde, word in par. 4.2.2 volgens sekere kriteria getabuleer. In par. 4.2.3 word die vernaamste afleidings wat hiervan gemaak kan word, behandel, en met teoretiese oorwegings in verband gebring. In par. 4.2.4 word die gegewens aan die hand van 'n aantal gebruiksregisters ontleed en in par. 4.2.5 kortliks nagegaan of daar 'n diachroniese ontwikkelingsgang te bespeur is.

4.2.1 Inleiding

In 'n kort artikel, "The past participle in Afrikaans", stel Grayson die verskynsel waar dit in hierdie par. - en hoofstuk - om sal gaan, aan die orde. Hy wys o.m. op die verskyning - naas die vereenvoudigde werkwoordsvorme - van "a strong form when the past ptc. functions as an adjective ... or of another form which, although weak, differs more or less from the verbal". Hy merk verder op dat "where a strong past ptc. survives alongside of a weak, a difference in nuance generally obtains"². Die aantal sterk v.dwe. wat as b.nwe. behou is, is volgens hom "enormous". Hy wys ook daarop dat in sommige gevalle, "while the strong form is preserved, a weak form is found along with it" en dat in sulke gevalle waargeneem kan word dat "the strong form tends to have a figurative meaning, while the weak conveys the literal meaning of the verb"³.

Ook Hutterer ruim in sy kort bespreking van Afr. vir hierdie verskynsel plek in; hy stel dit so: "Infolge der Entwicklung des isolierenden Partizips sind die alten Partizipien der Vergangenheit mancher (ehemals 'starker') Verba nicht verschwunden, sondern sie wurden zu echten Adjektiva",

en vergelyk met mekaar geskryf : geskrewe, verbied : verbode, ens.⁴.

Die vormteenstelling ongereg./gereg. kom sover bekend in geen Germaanse taal op presies dieselfde wyse of in dieselfde mate voor nie. Die situasie in mod. en veral vroeër Eng. kom miskien die naaste daaraan. Volgens Jespersen is daar vir sommige wwe. partisipiële dubbelvorme - met en sonder -n- - oorgelewer, 'n wisseling wat volgens hom ook in ouer Eng. voorgekom het en moeilik te bereël is⁵. Hy sê: "There is a tendency to drop the n in absolutely final position, e.g. he was drunk, but to keep it in the middle of a syntactic (and phonetic) group to form a sort of connecting link or 'buffer-syllable', e.g. a drunken sailor"; ook die -n- in bywe. soos brokenly en forbiddenly - waar die -n-vorme verplichtend is as die v.dw. wisselvorme het - verklaar hy op hierdie wyse⁶. Die -n- is prenominaal selfs behou by wwe. wat swak geword het en toegevoeg tot swak v.dwe.⁷, vgl. in lg. geval voorbeelde soos proven, shaven en bounden⁸. Jespersen gee o.m. die volgende voorbeelde van die verskynsel, waar die -n-vorme veral prenominaal voorkom: sawn, mown, shown⁹, (far-)gotten¹⁰ en proven¹¹. Daar kom sporadies kontraste voor wat besonder sterk aan die toestand in Afr. herinner. Die ou v.dw. stricken (later grotendeels verdring deur analogiese struck) "is now always used figuratively; it survives chiefly in particular archaic phrases such as stricken ('affected') with disease", ens., en, naas struck, "in compounds ...: horror-stricken, panic-stricken", ens.; stricken is meer literêr ("literary") as struck¹². Cloven, teenoor cleft en cleaved, "is now chiefly used as an adjunct"¹³. Sunk (t.o. sunken) as an adjunct is chiefly used of what has been sunk by human agency ...: a sunk panel"¹⁴; stringed instruments teenoor highly strung nerves¹⁵.

